
September - Oktober 2008

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 7, No. 5 Vertalings saamgestel uit vroeër gepubliseerde *Tomorrow's World*-tydskrifte



## Persoonlik

*Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur*

# Is dit "besluitnemingstyd"?

Traumatiese gebeure is besig om plaas te vind soos wat die jaar na 'n einde snel! Dit behoort duidelik te wees vir almal wat oë het om te sien, dat wrede *terrorisme*, wydverspreide *droogtes*, *finansiële omwenteling* en die toenemende moontlikheid van *siekte-epidemies* met ons is. Terwyl ek skryf, groei die bedreiging van 'n algehele **Midde-Oosterse oorlog –** en so 'n oorlog mag selfs reeds begin het voor u hierdie artikel lees!

Soos duisende van u wat die *Wêreld van Môre* lank reeds lees moontlik teen hierdie tyd besef, is daar **een bron** van inligting oor **eind**tydse gebeure wat "in die kol is". Ons by die *Wêreld van Môre* "veralgemeen" nie oor Christus se Wederkoms na hierdie aarde, as sou dit "eendag" of "op een of ander wyse" kan wees nie. Ons delf diep in die geïnspireerde woord van God sodat as lesers werklik 'n hele panorama van profetiese gebeure kan verstaan – insluitend *wanneer* en *waar* en **waarom** daardie dinge sal gebeur. Ons vra u gereeld in hierdie tydskrif en op die *Tomorrow's World* beeldsendings om "te kontroleer" wat ons sê en hierdie dinge *direk uit u eie Bybel* **te bewys**.

Nou, terwyl die crescendo van **eind**tydse profesieë al hoe hewiger word, is dit dalk "besluitnemingstyd" vir u en u gesin? Kan u dit waarlik bekostig om aan die kantlyn te staan en toe te laat dat "die wêreld maar sy gang gaan" wanneer hierdie gebeure na hulle groot finale klimaks beweeg? Of, as u sien dat hierdie spesifieke gebeure waaroor ons geskryf het met toenemende felheid plaasvind, sal **u** begin om waarlik u Bybel te *bestudeer,* die basiese waarhede *as juis te bewys* en dan die moed hê om te **reageer** op wat God duidelik openbaar?

Vir *u eie beswil* en die beswil van u geliefdes, *dink ernstig* na oor die beroemde waarskuwing wat deur Sir Winston Churchill gegee is: "Mense struikel soms toevallig oor die waarheid, maar die meeste van hulle staan op en haas voort asof niks gebeur het nie".

Ek hoop *almal* van ons kan besef, daardie vorm van "ontvlugting" is intellektueel en geestelik oneerlik en lafhartig!

Lees asseblief die artikels in *hierdie einste uitgawe* van die *Wêreld van Môre*-tydskrif oor *Christus se Wederkoms baie deeglik*, oor die *onhulling* van die geheimenisse van die boek Openbaring, en oor *begrip* van eindtydse profesieë. Slaan die Skrifgedeeltes na en kyk of dit "toepaslik" is. *Bid dan vir begrip* en die **moed** om gewillig te wees om die Skepper wat u lewe en asem gee, gehoorsaam te wees, die Skepper wat die **geheelbeeld** van profetiese gebeure en

die opkoms en val van nasies lei. God se woord sê duidelik aan ons dat antieke koning Nebukadnesar vir baie jare van sy troon verban was, "met die bedoeling dat die lewendes kan erken dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil, en die nederige onder die mense daaroor aanstel" (Daniël 4:17).

Ongelukkig sal u binnekort hierdie profesie "sien" gebeur met die Amerikaanse nasie en die nasies van Britse afkoms in hierdie "eindtyd". Mans – of vrouens – met middelmatige verstandelike vermoëns en korrupte motiewe sal meer en meer ingestem word deur 'n *verwarde kieserspubliek* – meestal mense wat nie die "minste omgee" of die persoon vir wie hulle stem werklik 'n goeie persoon is wat ongeag politieke oorwegings sal doen wat reg is nie. Sulke moedige politici was nog *altyd* yl gesaai. Hulle word *baie selde verkies* omdat die meeste mense stem vir die politici wat aan hulle die meeste beloftes maak – ongeag die gevolge.

Dus, soortgelyk aan die val van die Romeinse Ryk, sal ons binnekort ons geliefde nasies stadig maar seker sien verval en *ten gronde gaan* oor die volgende aantal jare. Sal die "val" van Amerika en die nasies van Britse afkoms binne die volgende sewe tot sewentien jaar – of miskien langer – plaasvind? *Ek weet nie*. Net die *Ewige* God weet die presiese

***Vervolg op bladsy 27***

## Inhoudsopgawe


**Voorblad**

**Persoonlik – Is dit "besluit-nemingstyd"?**
Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Sal Jesus Christus se Weder-koms vannag wees? 3**
Oor die afgelope 2 000 jaar het baie mense probeer om die datum van Jesus Christus se Wederkoms te voorspel. Voorspelde datums het gekom en gegaan. Nogtans het Christus gesê Hy sal weer kom. Kan ons weet wanneer hierdie belangrike gebeurtenis sal plaasvind?

**Kersfees: Skadelik vir kinders 8**
Blink nuwe speelgoed ... gekleurde liggies ... feestelike versierings ... 'n middernagtelike besoek van "vrolike ou Kersvader" ... gesinslede en vriende saam vergader rondom 'n genoeglike ete. Wat kan meer gesinsvriendelik wees as 'n Kersfeesviering?

**Ontsluit die Geheime van Openbaring 13**
Die boek Openbaring bevat geheimsinnige simbole wat slegs 'n paar mense verstaan. Kan u die geheime van Openbaring ontsluit? Is dit vir u moontlik om te weet wat die toekoms vir ons wêreld inhou – en wat u deel daarin is?

**Verstaan eindtydse profesieë 18**

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde 23**

**Profesie neem gestalte aan 24**


Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org


**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Roderick C. Meredith
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Uitvoerende Redakteur**
William Bowmer
**Besturende Redakteur**
Gary F. Ehman
**Streeksredakteurs**
Rod McNair (Filippyne)
Bruce Tyler (Australië)
Gerald Weston (Kanada)
Douglas S. Winnail (Europa)

**Nuusburo**
June Olsen

**Streekskantore**

**VSA:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALIë:**
GPO Box 772
Canberra, ACT 2601
Tel: (07) 5546 0472
Faks: (07) 5546 0768

**KANADA:**
P.O. Box 27202
Toronto, Ontario, M9W 6L0
Tel: (905) 671-3730
Faks: (905) 671-9599

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: (09) 435 3592

**FILIPPYNSE EILANDE:**
MCPO Box 1774
Makati City 1257, Philippines
Tel: 63-2-813-6538
Faks: 63-2-867-1569

**BRITTANJE:**
P.O. Box 9092
Motherwell, ML1 2YD Scotland
Tel/Faks: 44-1698-263-977

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.**

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.**


© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

**Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).**

# Sal Jesus Christus se Wederkoms vannag wees?

Deur Roderick C. Meredith

*Oor die afgelope 2 000 jaar het baie mense probeer om die datum van Jesus Christus se Wederkoms te voorspel. Voorspelde datums het gekom en gegaan. Nogtans het Christus gesê Hy sal weer kom. Kan ons weet wanneer hierdie belangrike gebeurtenis sal plaasvind?*

Stel u voor die vetgedrukte hoofopskrifte wat aankondig: "Jesus Christus het teruggekeer!" Stel u voor die "hoofnuus" op radio en televisie: "Ons onderbreek hierdie program om aan u die skokkende nuus mee te deel dat Jesus Christus so pas na die aarde teruggekeer het! Ons korrespondent in die Midde-Ooste berig dat Jesus op die Olyfberg – net oos van Jerusalem – neergedaal het en dit lyk of Hy Hom gereed maak om die stad binne te gaan!"

**Ongelooflik!** Nogtans sal die werklike Wederkoms van Jesus Christus na die planeet aarde, selfs baie meer ontsagwekkend en dramaties wees – baie meer as wat ek moontlik kan beskryf!

Meningpeilers het bevind dat omtrent een uit elke vier volwasse, belydende Christene in die Verenigde State van Amerika (en moontlik ook in Suid-Afrika) Jesus se Wederkoms na hierdie aarde verwag. Omdat selfs die meeste belydende Christene ongelukkig Bybel-**ongeletterd** is, sê die oorgrote meerderheid dat hulle onseker is van ***wanneer*** en ***hoe*** Christus sal terugkeer, en wat daarna sal gebeur. Selfs baie "hoofstroom" leraars is heeltemal liberaal en glo nie dat Jesus 'n werklike persoon was – of dat Hy gesterf het, opgewek is en opgevaar het na die Hemel nie. Hulle beskou dus dikwels Christus se Wederkoms as 'n teologiese "mite", of in elk geval iets wat baie onseker en in die "verre toekoms" is.

Ek onthou goed hoe ek self 'n beroemde evangelis aan sy gehoor hoor bulder het: "Christus se Wederkoms mag **vannag** wees! Aan die ander kant mag huidige wêreldgebeure net nog 'n fase in die groot menslike drama wees wat nog 'n duisend jaar mag voortduur voordat Christus terugkeer!"

Eerlikwaar, beide van hierdie uiterstes is belaglik. Diegene wat hierdie soort idees koester het hoegenaamd *geen begrip* van Bybelse profesieë nie, anders sou hulle nie tot sulke gevolgtrekkings gekom het nie. Albei uiterstes is verkeerd.

## Leef ons in die "Laaste Dae"?

Daar is letterlik dosyne aanduidings dat ons in die geprofeteerde "laaste dae" leef. Gun my die geleentheid om slegs 'n paar aan u te noem.

Eerstens, in Jesus se befaamde profetiese rede op die Olyfberg, maan Hy ons om op die uitkyk te wees vir die "gruwel van die verwoesting" wat deur Daniël die profeet beskryf is en wat "in die heiligdom" sal staan (Mattheüs 24:15). Bykans alle geleerdes stem saam dat die oorspronklike "gruwel" 'n standbeeld was van óf Zeus, óf Jupiter Olimpus wat in 168 v.C. met geweld deur Antiochus Epiphanes in die Tempel van God geplaas is. Baie mense verstaan egter die beginsel van ***tweeledigheid*** in hierdie voorspelling – naamlik beide 'n tipiese en 'n latere vervulling van dieselfde profesie.

Natuurlik, die finale "gruwel van die verwoesting" waarna Jesus verwys, sou uiteraard *na Sy* aardse leeftyd moes plaasvind. Kyk na God se opdrag aan Daniël teen die einde van Daniël se voorspelling: "Gaan heen, Daniël, want die woorde bly verborge en verseël tot die

***tyd van die einde*** toe. Baie sal gereinig en gesuiwer en gelouter word, maar die goddelose sal goddeloos handel en geeneen van die goddelose mense sal verstaan nie, maar die verstandiges sal verstaan. En van die tyd af dat die voortdurende offer afgeskaf en die ontsettende ***gruwel*** opgerig word, sal duisend-tweehonderd-en-negentig dae verloop" (Daniël 12: 9-11).

Dit is dus duidelik dat daar in die ***eindtyd*** 'n soort van tempel of altaar in Jerusalem moet wees waar die "voortdurende offer" gebring kan word (vers 11). *Dít* is wanneer die finale "gruwel" opgerig sal word. Hierdie gedeelte dui ook aan dat die Jode in die ***eindtyd*** 'n beduidende teenwoordigheid in Jerusalem sal hê. Niks van hierdie profesieë sou sin maak sonder 'n herleefde staat van Israel, 'n Joodse Jerusalem en 'n herboude altaar vir die offerandes nie.

Nog 'n duidelike aanwysing dat ons in die "eindtyd" leef, word gevind in Mattheüs 24:21-22. Jesus is gevra: "Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van U koms en van die ***voleinding*** van die wêreld?" (vers 3). Nadat Hy 'n hele reeks gebeure en die oprigting van "die gruwel van die verwoesting" beskryf het, verklaar Jesus: "Want dan sal daar ***groot verdrukking*** wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou ***geen vlees*** gered word nie; maar terwille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word". Hier voorspel Jesus die ***gruwelikste*** en ***ontsettendste*** nasionale tugtiging in die menslike geskiedenis – asook die gevaar van ***algehele uitwissing van alle lewe op aarde*** indien God nie bonatuurlik ingryp nie.

Algehele uitwissing van alle lewe op aarde was nie eens gedurende die Tweede Wêreldoorlog moontlik nie. Alhoewel twee atoombomme gebruik was om die oorlog teen Japan te beëindig, was daar destyds en vir 'n tyd daarna, baie *min of selfs geen ander bomme beskikbaar* nie. Gesaghebbendes reken dit was eers teen 1957 dat daar – tussen die Verenigde State van Amerika en Rusland – genoeg atoomwapens beskikbaar was om die mensdom uit te wis.

Dus, met die terugkeer van baie Jode in 1948 na Israel en die mate waarin atoomwapens teen 1957 vermeerder het, het ons sekerlik toe reeds die "tyd van die einde" betree, indien nie selfs voor daardie tyd nie.

In Daniël 12:4 sê God ook aan Daniël: "En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die ***einde*** toe; baie sal dit deursoek en die kennis sal vermeerder". Neem kennis dat die uitgebreide gebruik van vervoerfasiliteite 'n kenmerk van die eindtyd is, asook die geweldige toename van die mensdom se kennis. Sedert die Tweede Wêreldoorlog neem ons dit as vanselfsprekend aan dat miljoene mense daagliks in moderne vliegtuie en makrostralers deur die lug vlieg. Op bykans alle plekke op hierdie aarde ry mense ook heen en weer in motorvoertuie en reis rond op wyses wat vir ons ondenkbaar sou wees voor die twintigste eeu begin het. Bykomend tot dit alles, het die koms van die radio, televisie en die Internet bygedra tot 'n letterlike ***ontploffing*** van die mens se kennis, in vergelyking met die verlede.

Ons leef ***verseker*** in die "laaste dae"! Christus se Wederkoms sal sonder twyfel gedurende die leeftyd van die jong mense wat nou grootword, plaasvind – selfs baie van die ouer mense mag ook nog lewe om hierdie ontsagwekkende gebeurtenis te beleef.

**Laat die BYBEL die Bybel verklaar!**

Dit is tragies dat menslike voorspellers en verklaarders van Bybelprofesieë dikwels 'n Bybelse profesie lees en dan 'n *denkbeeldige voorstelling* maak waaroor dit alles gaan! Die *regte manier* om die Bybel te verstaan is natuurlik om eerlik en deeglik ***alle*** gedeeltes van die Skrif wat oor dieselfde onderwerp handel – insluitende die profesieë – saam te voeg, en dan deur deeglike studie en ernstige gebed, tot 'n begrip van die hele legkaart te kom.

As u byvoorbeeld die profesieë van Daniël, Openbaring en Jesus se profetiese rede op die Olyfberg soos weergegee in Mattheüs 24, Markus 13 en Lukas 21, noukeurig met mekaar vergelyk, ontvou 'n baie duidelike beeld van ***wanneer*** en ***hoe*** Christus se

Wederkoms sal wees.

Neem kennis: "Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan Sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van Sy engel aan Sy dienskneg Johannes te kenne gegee het" (Openbaring 1:1). Hier sien ons dat dit Christus se openbaring is – ***nie*** die openbaring van die apostel Johannes nie! Ons lees ook dat die verklaarde doel is om die dinge en gebeure te openbaar wat "gou moet gebeur".

In Openbaring 2 en 3 vind ons 'n geïnspireerde beskrywing van die eras of tydperke van God se ware Kerk. Die finale kerk-era, Laodicea, word gekenmerk as "lou". So sal selfs die meerderheid van die ware volk van God in die ***eindtyd*** blykbaar in 'n mate deur wêreldsheid oorweldig wees en beïnvloed word deur ons plesiersoekende "self" generasie. Openbaring 4 en 5 beskryf die bonatuurlike ***glorie*** van God. Dan beskryf hoofstuk 5 ook hoe slegs Christus waardig geag word om die seëls van Openbaring oop te maak en hierdie onthulling van eindtyd gebeure te begin.

Openbaring 6 beskryf, in volgorde, die gebeure van die eerste ses seëls. Bestudeer dit noukeurig en vergelyk dit dan spesiaal met veral Mattheüs 24:3-9. Eerstens vind ons die beskrywing van die "wit perd". Dit word in Mattheüs 24:5 duidelik geïdentifiseer as 'n vlaag ***valse profete*** wat uitgestuur word om Christus se naam te gebruik, maar wat nogtans die massas ***mislei!*** (Lees ook Openbaring 12:9). Vervolgens lees ons van die "vuurrooi perd" wat uitgestuur word om "vrede van die aarde af weg te neem". Mattheüs 24:6-7 brei hierop uit en toon aan dat dit nie net oorloë insluit nie, maar ook ***wêreldoorlog***. Die derde seël, die "swart perd" van Openbaring 6, beskryf hoe klein hoeveelhede voedsel noukeurig afgemeet word – 'n duidelike teken van ***ernstige voedseltekorte***. Mattheüs 24:7 beskryf hierdie volgende gebeure as hongersnood".

Die vierde seël is 'n "vaal perd" – 'n perd wat ***sieklik*** lyk – wat die ***dood*** en graf meebring. In Mattheüs 24:7 bevestig Jesus dat die volgende geprofeteerde gebeurlikheid in hierdie reeks van gebeure wat Sy Wederkoms sal voorafgaan, inderdaad ***pessiektes*** – *groot siekte-epidemies van ongeëwenaarde afmetings* sal aanneem. Nadat hy hierdie vier ***hoof*** gebeure beskryf het, vertel die geïnspireerde Johannes ons, "En aan hulle is mag gegee oor die ***vierde*** deel van die aarde om ***dood*** te maak met die swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde" (Openbaring 6:8). Mattheüs 24:7 voeg by dat ***aardbewings*** ook 'n beduidende faktor gedurende hierdie tydperk sal wees.

'n "Vierde deel" van die aarde vergaan? Die meeste geleerdes stem saam dat hier ***nie*** van die oppervlakte van die aarde – wat tog meestal uit oseane, berge en woestyne bestaan – gepraat word nie. Een kwart van die ***totale bevolking*** van die aarde is hier ter sprake! Sonder om die aanwas van die huidige bevolking (van bykans 6.5 miljard) by te reken, sal een kwart dus omtrent ***1.6 miljard*** mense wees wat deur hierdie vier "perderuiters" uitgewis gaan word.

In hierdie geïnspireerde beskrywing het die ontsettende ***Groot Verdrukking*** en die "Dag van die Here" nog nie eens begin nie!

**Die Groot Verdrukking**

In werklikheid beskryf die vyfde seël van Openbaring die Groot Verdrukking. Die klem lê hier op die kerklike aspek – op die feit dat baie van die mense in God se ware Kerk vervolg en gemartel gaan word, net soos in vorige eeue (Openbaring 6:9-11). Ander Skrifgedeeltes – insluitende Mattheüs 24:21-22, Lukas 21:22-24 en Jeremia 30:4-7 – openbaar aan ons dat hierdie skrikwekkende Verdrukking nie net die ware Kerk sal raak nie, maar ook die *fisiese* nasies van Israel ***en*** Juda – insluitende die Verenigde State van Amerika en die nasies van die wêreld wat van die Britte afstam (met inbegrip van Suid-Afrika). Vir Bybelse en historiese **bewyse** van hierdie stelling, kan u gerus skryf of skakel en vra vir 'n eksemplaar van ons boekie: *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* Dit sal heeltemal ***gratis***, op u versoek, aan u gestuur word.

Die Groot Verdrukking behels 'n massiewe nasionale ***straf*** wat oor die fisiese nasate van Israel gaan kom, omdat hulle ***in gebreke gebly*** het om hul verbond met God gestand te

doen en weggedraai het na grootskaalse immoraliteit en hedonisme (genotsugtigheid). Hulle het 'n "vorm" van godsdiens – baie noem hulleself selfs Christene – maar misken die ***krag*** en outoriteit van die Skepper God (2 Timotheüs 3:5)! Belydende Christene van ons tyd sal beslis God se reg om Sy mense te tugtig, bevraagteken. God antwoord, "Wat skreeu jy vanweë jou verbreking, jou smart wat ongeneeslik is? Omdat jou ***ongeregtigheid*** groot is, geweldig jou ***sondes***, het Ek jou hierdie dinge aangedoen" (Jeremia 30:15).

***Direk*** na die Groot Verdrukking volg die *sesde* seël, die "hemelse tekens" (Openbaring 6:12-16). Weereens bevestig Mattheüs 24:29 dit perfek: "En dadelik na die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word en die maan sal sy glans nie gee nie en die sterre sal van die hemel val en die kragte van die hemele sal geskud word".

Hierna kom die "Dag van die Here" – die tyd van God se volle gramskap op ***alle*** rebelse nasies van die aarde (Openbaring 6:17). Nadat 'n aantal Israeliete sowel as nie-Israeliete verseël is en beskerm word teen God se finale gramskap (Openbaring 7), sal die "basuin-plae" begin.

Die eerste plaag sal 'n derde van die bome en ***alle*** groen gras verbrand (Openbaring 8:7). In vinnige volgorde verander die volgende plae een derde van die see in bloed, vernietig een derde van die visse en een derde van alle skepe, vergiftig een derde van alle fonteine en riviere en verduister 'n groot deel van die lig van die son, maan en sterre (verse 7-12).

Die vyfde en sesde plae beskryf iets soos 'n heeltemal gesofistikeerde, ontsaglike, "Star Wars"-tipe aanval deur die Europese Dier-moondheid op sy vyande. Daarna kry ons 'n kragtige teenaanval deur 'n ***massiewe*** groot leërmag van 200 *miljoen soldate* – moontlik saamgestel uit miljoene Russiese, Mongoolse en Chinese troepe wat hulle ***nie*** aan die arrogante Europese diktator, wat ook die "Dier" genoem word, sal onderwerp nie.

Ten laaste, na 'n drie-en-'n-half-jaar lange Verdrukking en ***gevangenskap*** van die nakomelinge van Israel – 'n periode van kragtige profetering en "waarskuwing" aan die moondheid genaamd die Dier deur God se "twee getuies" en waartydens God beskerming sal verleen aan Sy ***werklik getroue*** mense in Sy Kerk (lees Openbaring 11:3; 12:14) – sal Christus weer kom in bonatuurlike ***glorie*** wanneer die sewende basuin weerklink (Openbaring 11:15)!

## Ander weergawes van die storie

*Intussen*, net voor die Groot Verdrukking, sal 'n magtige Arabiese bondgenootskap tot stand kom en die toekomstige Europese moondheid, die "Dier", bedreig en uittart (Daniël 11:40-45). Let op dat dit sal gebeur "in die tyd van die ***einde***". Die swaarder gewapende en meer gesofistikeerde moondheid, die Dier, sal hierdie "koning van die Suide" soos 'n warrelwind oorval en hom oorrompel.

Die magte van die Dier sal ook die Joodse staat van Israel inneem en baie dele van die Midde-Ooste oorneem – ongetwyfeld om beheer oor die Arabiese oliereserwes te verkry om hul oorlogsmasjien aan die gang te hou! Soos ons gesien het, is die volgende gebeurlikheid die aanval op die "huis van Israel" (Jeremia 30) – die Groot Verdrukking. Dit sal sekerlik "'n tyd van benoudheid wees soos daar ***nie gewees het*** vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie" (Daniël 12:1). Baie spoedig na hierdie massiewe *Verdrukking* en *Dag van die Here*, volg Christus se Wederkoms. "En baie van dié wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak" (vers 2) in die ***opstanding*** uit die dode tydens Christus se Wederkoms!

Ook nog, net *voor* die Verdrukking, sal die sewende "herlewing" van die Heilige Romeinse Ryk plaasvind en 'n finale keiser/koning/diktator sal die guns van tien leiers van nasies in Europa wen, wat die finale, geprofeteerde moondheid van die Dier sal uitmaak (Openbaring 17:8-13). Uiters kortsigtig sal die leiers van hierdie ontsaglike militêre mag dink dat hulle gesofistikeerde wapens op een of ander manier teen Christus sal kan standhou! Hulle probeer oorlog voer selfs as die terugkerende Christus en Sy hemelse leërmag in mag en glorie neerdaal, "Hulle sal teen

die Lam oorlog voer en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou" (vers 14). Al hierdie voorspellings toon duidelik die graad van misleiding en geestelike ***blindheid*** wat gedurende daardie tyd oor die leiers van die aarde sal kom. Inderdaad, "die god van hierdie wêreld" het "die sinne verblind" van "die ongelowiges" (2 Korintiërs 4:4). Onthou asseblief net, totdat Jesus Christus na hierdie aarde terugkeer, is dit ***Satan*** se wêreld!

Onthou ook dat die toekomstige Dier-moondheid nie slegs 'n militêre en politieke mag sal wees nie. Dit is 'n werktuig wat deur die groot ***hoer*** **–** beskryf in Openbaring 17 **–** gebruik sal word. Hierdie Skrifgedeelte vertel ons duidelik dat ***die vrou die dier ry*** (verse 3, 7, 9)!

**Die "Vrou" van Openbaring 12**

Die term "vrou" word in 'n hele paar skrifture van God se Woord gebruik om 'n kerk te simboliseer. In 2 Korintiërs 11:2 is die apostel Paulus geïnspireer om die ware Kerk as 'n "reine maagd" wat aan Christus verbind is, te beskryf. In Efesiërs 5: 23-25 beskryf Paulus die Kerk asof dit 'n vrou is. In Openbaring 12:6 en 12:14 word die Kerk uitgebeeld as 'n "vrou" wat na 'n plek van veiligheid in die "woestyn" vlug.

Daarenteen, in Openbaring 17 beskryf God 'n groot ***gevalle*** kerk, "die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde" (vers 5). Johannes was geïnspireer om te skryf: "En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien. Toe sê die engel vir my: Waarom het jy jou verwonder? Ek sal jou die verborgenheid van die vrou vertel en van die dier met die sewe koppe en die tien horings, wat haar dra" (verse 6-7). Dus, hierdie geestelik-***dronk*** kerk is ook 'n groot ***vervolgsugtige*** kerk en sal op die Dier, wat die finale herlewing van die Heilige Romeinse Ryk is, sit en dit beheer.

Wanneer hierdie verrotte godsdienstige/politieke sisteem in Europa tot stand kom en 'n groot, vals profeet volgens die werking van Satan verrys, "hy wie se koms is volgens die werking van Satan met allerhande **kragtige dade** en **tekens en wonders van die leuen"** (2 Thessalonicense 2:9), sal ontelbare miljoene Amerikaners, Kanadese, Britte, en Europeërs [asook Suid-Afrikaners] in die versoeking kom of selfs gedwing word om deel van hierdie verrotte stelsel te word. Baie van u wat nou hierdie artikel lees, mag ook in die versoeking kom om "aan te sluit", om ondersteuning te verleen of om ten minste maar "saam met die stroom te gaan"!

***Moet dit nie doen nie*!**

God self het ons uitdruklik gewaarsku om nie deel te hê aan hierdie sataniese stelsel nie: "***Gaan uit haar uit***, My volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar ***plae*** ontvang nie. Want haar sondes reik tot aan die hemel en God het haar ongeregtighede onthou" (Openbaring 18:4-5). Waarlik, God se direkte plae sal hierdie stelsel teister, asook ***almal*** wat deel is daarvan! (Lees ook Openbaring 16).

**Dus, WANNEER sal Christus se Wederkoms wees?**

Ek vertel u egter in alle opregtheid dat Jesus Christus nie na die aarde sal terugkeer voordat ons die mees angswekkende, aardskuddende, en ***ontsaglike*** gebeure ooit, sedert die mens se bestaan hier op aarde, beleef het nie. Belydende Christenleraars wat sê: "Christus se Wederkoms mag ***vannag*** wees", is so ver uit voeling met die Bybel se waarhede dat dit eintlik ongelooflik is!

Aan die ander kant, net soos die betekenisvolle gebeure vinnig die een op die ander ingewerk het in 1989-90 met die skokkende en onverwagte ineenstorting van die voormalige Sowjetunie se beheer oor Oos Europa, so sal die gebeure wat Christus se Wederkoms voorafgaan, heel moontlik 'n soortgelyke snelle momentum opbou. Vir daardie getroue Christene wat voor Christus se Wederkoms "gaan slaap" het, kan Hy werklik "vannag" kom –

***Vervolg op bladsy 26***

# Kersfees: Skadelik vir kinders?

**_Deur_ Rod McNair**

*Blink nuwe speelgoed ... gekleurde liggies ... feestelike versierings ... 'n middernagtelike besoek van "vrolike ou Kersvader" ... gesinslede en vriende saam vergader vir 'n genoeglike ete. Wat kan tog meer gesinsvriendelik wees as 'n Kersfeesviering?*

Vir honderde miljoene mense reg deur die Westerse wêreld vandag is Kerstyd gesinstyd. Dit is spesiaal 'n tyd van pret vir kinders! Kersspele en Kersliedere – en natuurlik die opgewonde wakker word op Kersoggend omdat Kersgeskenke onder die Kersboom verwag word – is herinneringe van kinderdae wat lewenslank deur miljoene mense vertroetel word. Met sy koekies en lekkers, kleure en ligte, liedjies en stories – en natuurlik die geskenke – is vandag se Kerstradisie ontwerp om sterk herinneringe te skep waarna kinders liefderyk terugdink vir die res van hul lewens.

Waarom sou enige ouer dan *kies* om hul kinders van hierdie herinneringe te ontneem? Vra uself af: Indien u weet dat Kersfees eintlik skadelik vir u kinders is – selfs gevaarlik vir hul geestelike lewe – sal u voortgaan om dit te vier?

Wat kan tog moontlik verkeerd wees as kinders die feesseisoen geniet? Niks nie – indien daardie vakansiedag God se Wet en Sy waardes hooghou. Dit is nie net ons moderne wêreld wat hul by tye na heidense seremonies wend wat God se opdragte bespot of verwerp nie. Lank gelede het die profeet Jeremia geskryf: "Die sonde van Juda is geskrywe met 'n ystergriffel, met 'n diamantpunt; dit is gegrif op die tafel van hulle hart en op die horings van julle altare – telkens as hulle kinders aan hulle altare dink en aan hulle heilige boomstamme by die groen bome, op die hoë heuwels" (Jeremia 17:1-2). Ja, meer as 2,000 jaar gelede is die kinders van Juda op 'n dwaalweg gelei deur valse aanbidding wat gedenkwaardig gemaak was deur die groen bome en 'n pragtige agtergrond. Is ons enigsins anders vandag?

Dit is geen geheim dat baie Kersfeesgewoontes 'n anti-Christelike erfenis en kern het nie. Soos die outeur Desmond Morris skryf: "Alhoewel mense neig om te aanvaar dat die eintlike wortels van Kersfees in Christendom lê, het omtrent niks wat ons gedurende die Kersseisoen doen, hoegenaamd enigiets met die aankoms van die baba Jesus te doen nie" (*Christmas Watching*, bl. 2). Nogtans gaan miljarde mense voort om Kersfees te vier, selfs al hou dit geen verband met die gebeurtenis wat dit veronderstel is om te gedenk nie.

Is daar dan iets daarmee verkeerd – veral vir die kinders? Kan dit moontlik verkeerd wees om kinders te leer om 'n Kersdag te onderhou wat lyk of dit gesinswaardes, liefde en aanbidding van Jesus Christus insluit?

**Leer selfsugtigheid**

Elke jaar hoor ons welmenende "godsdienstige" mense kla dat Kersfees "heeltemal te gekommersialiseerd" is. Was daar egter al ooit 'n nie-gekommersialiseerde Kersfees, ten minste in die Verenigde State? "Daar was nog nooit 'n tyd dat Kersfees bestaan het as 'n onbesoedelde idille, immuun teen die besmetting van kommersialisme nie" skryf Stephen Nissenbaum, 'n professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Massachusetts. Vanaf die begin, sê hy, was Kersfees volgens Amerikaanse styl, "kommersieel tot in sy kern" (*The Battle for Christmas*, bl. 318).

Volgens die firma BIGresearch wat verbruikersopnames doen, het die gemiddelde Amerikaner in 2006 $794 (ongeveer R6 000) aan Kersinkope spandeer, wat 'n

rekord spandering van $154 miljard (ongeveer R1 160 miljard) bedra het. Skrywers Jo Robinson en Jean Staeheli wys daarop dat die advertensiemagte wat Kersfees aandryf, te gelyker tyd hewig en verleidelik is. "Die Kersfeesmasjien beoefen sy mag oor ons omdat hy weet hoe om ons te flikflooi ... As dit na 'n monster lyk, sou ons in opstand kom en dit stopsit, maar die gekommersialiseerde Kersboodskappe klink na beloftes wat trane in ons oë bring" (*Unplug the Christmas Machine*, bl. 10).

Kerstyd, 'n veronderstelde geleentheid vir vreugde en feesviering, laat baie mense elke jaar met gevoelens van depressie en leegheid. Die fokus op buitensporige spandering tydens die Kerstyd veroorsaak dat sommiges moedeloos raak, veral wanneer hulle voel dat hulle dit nie kan bekostig om vol te hou met die pas wat deur die adverteerders en handelaars, wat munt slaan uit die vakansietyd, aangegee word nie.

Tog het Jesus Christus – wat veronderstel is om die middelpunt van die Kerstyd te wees – in teenstelling met die kwellende materialisme wat deur Kersfees aangemoedig word, ons geleer: "Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy besittings nie" (Lukas 12:15).

Leer u u kinders om Jesus Christus se opdrag te gehoorsaam? Of voer u slegs maar die "Kersfeesmasjien"?

**Leuens aan kinders**

'n Paar jaar gelede het die oggend platejoggie by Babylon, New York se WBAB-FM, aan sy jong luisteraars vertel dat daar geen Kersvader is nie. Verwoede moeders en vaders het by die stasie kapsie gemaak en die platejoggie, John Parise, was verplig om verskoning te maak. Wat 'n teenstrydigheid! Ouers wil graag hê dat hul kinders moet leer om die waarheid te praat. Hulle stel egter 'n voorbeeld aan hulle kinders deur oor Kersvader te lieg – en is selfs ontsteld as die leuen oopgevlek word!

Verslaggewer Denise Flaim het met 'n professor in psigologie by Ithaca Kollege, wat kinders se gesindheid ten opsigte van Kersvader bestudeer, gesels. Professor Cyndy Scheibe stel dit so: "Wie vertel ons Kersvader bestaan nie regtig nie? Dit is gewoonlik iemand wat jy nie ken nie of wat nie baie geloofwaardig is nie, soos jou irriterende ouer broer ... En wie vertel jou hy bestaan werklik? Mense wat jy kan vertrou" (*Newsday*, 23 Desember 2004). Hoeveel ouers faal om die geleentheid aan te gryp om aan hulle kinders te toon – deur hulle voorbeeld – dat hulle op hul ouers kan vertrou? Wat van uself? *Vertel u aan u kinders leuens*?

**Is Kersvader meer werklik as God?**

Baie kinders in Westerse lande het baie min of geen konsep van God nie, maar hulle het 'n baie duidelike konsep van Kersvader. Kersvader "sien alles en weet alles". Hy oordeel "of kinders soet of stout was". Hy beloon goeie gedrag met seëninge – geskenke. Interessant genoeg, is dit gewoonlik die eienskappe wat normaalweg aan God toegesê word (Hebreërs 4:13; 1 Petrus 4:5; Jakobus 1:17)! Kersvader kom selfs van die Noordpool af, terwyl die Bybel beskryf dat God se troon in die Noorde is (Psalm 75:6; Jesaja 14:13).

Dit is dus geen verrassing dat Kersvader vir baie kinders meer werklik is as God nie – hulle sien dan selfs elke jaar vir Kersvader by die inkopie-sentrum! Die briewe wat hulle aan Kersvader skryf, word ook wonderbaarlik elke jaar beantwoord deur die geskenke wat hulle op Kersoggend ontvang! Selfs in baie gesinne waar Kersvader nie die plek van God inneem nie, word hy dikwels gesien as "God se handlanger".

*Newsday* se verslaggewer, Flaim, het gesels met Professor Cindy Clark wat menslike ontwikkeling bestudeer aan die Staatsuniversiteit van Pennsylvanië. Sy het onderhoude gevoer met jong kinders wat nog steeds aan Kersvader glo en bevind dat die kinders "verskillende maniere het om Kersvader en God te verbind. Dinge soos: 'God het aan Kersvader sy werk gegee' of 'Die manier waarop Kersvader te wete kom of jy soet of stout was, is omdat God dit aan hom sê'".

Leer u u kinders om op die werklike God te fokus en op Sy ware hoedanighede? Of, verminder u Sy rol ten gunste van 'n versinde volksheld? God – nie Kersvader nie – is die beloner van almal wat getrou na Hom soek (Hebreërs 11:6). God is die Een wat ons kinders beskerm en ons vertroue waardig is (Psalm 36:7). God – nie Kersvader nie – is die Een wat ons moet nader wanneer ons behoeftes het (Mattheüs 7:7).

**Verkondig vals leerstellings**

Sommige lande gedenk Kersfees met baie min of geen klem op die "Kersvader" tradisie nie. In die plek daarvan fokus hulle op die storie van die tradisionele "Kersspel". Is dit 'n beter of meer skriftuurlike manier om Kersfees te vier? Of is Kersfees op sigself *fundamenteel verkeerd*?

Die vroeëre Kerk het groot moeite gedoen om hulle leerstellings suiwer te hou. Judas het die Christene "vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is" (Judas 3). Paulus skryf: " ... ek [het] aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het" (1 Korinthiërs 15:3). Paulus vermaan die jong evangelis, Timotheüs, "wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer" (2 Timotheüs 2:2). Om vas te kleef aan akkurate, bybelsgebaseerde leerstellings was van die uiterste belang vir die vroeëre Christene (2 Thessalonicense 2:15; 1 Korinthiërs 11:2).

Waarlik, die vroeëre Christene het nie Kersfees gevier nie – 'n feit wat bevestig word selfs deur kerke wat nou Kersfees met groot ywer vier. Neem kennis: "Kersfees was nie een van die vroegste feeste van die Kerk nie. Ireneaus en Tertullian het dit uit hulle lys van feeste gelaat; Origen ... beweer ... in die Skrif is dit slegs sondaars, nie heiliges nie, wat hul verjaarsdae vier ..." ("Christmas" in *The Catholic Encyclopedia*, bl. 724, Vol. III, 1908). In die artikel "Christmas", brei die *Encyclopædia Britannica* (14de uitgawe) verder daarop uit: "So laat as 245 het Origen die idee verwerp om Christus se geboortedag te vier, 'asof hy 'n koning Farao was'" (Vol. 5, bl. 642).

Voordat Pous Julius in 350 n.C. 25 Desember as die datum van Christus se geboorte verklaar het, was omtrent elke maand van die jaar deur die een of ander leermeester voorgestel as die maand van Christus se geboorte (*The Pageantry of Christmas*, red. Stanley Fillmore, bl. 10). Kan ons egter die 25 Desember datum vertrou?

Tydsberekening gegrond op bewyse in die Bybel, soos die skaapwagters en hul kuddes wat nog in die veld was, weerlê die veronderstelling dat Christus in die hartjie van die winter gebore is (*Clarke's Commentary*, Adam Clarke, Vol. V, bl. 370). Die "Kersfees storie" wat algemeen vertel word, wyk ook in ander deurslaggewende opsigte af van die Bybel se verhaal. Die wyse manne uit die Ooste het byvoorbeeld nie Jesus as 'n baba in die krip besoek nie. Lukas 2 beskryf 'n engel wat aan skaapwagters vertel van die pasgebore Messias: "En dit is vir julle die teken: julle sal 'n Kindjie vind wat in doeke toegedraai is en wat in die krip lê" (Lukas 2:12). Teen die tyd wat die wyse manne egter daar aangekom het opsoek na die "Koning van die Jode" (Mattheüs 2:2), was Jesus alreeds 'n jong kindjie en het toe in 'n huis gewoon (verse 9, 11). Ten tye van die wyse manne se besoek, kon Jesus al amper twee jaar oud gewees het (vers 16). Die besoekers, wat Jesus as 'n Koning erken het, het aan Hom geskenke gegee – nie aan mekaar nie (vers 11)!

Jammer, baie belydende Christenleraars was baie nalatig met die feite – nie alleen oor Christus se lewe nie, maar ook oor sy leerstellings en die gebruike wat Hy Sy volgelinge beveel het. Latere geleerdes bevestig hoe die vroeëre Kerkvaders, toe hulle die bygelowige en emosionele gehegtheid van die mense aan hul heidense seremonies besef het, probeer het om daaraan 'n Christelike betekenis te gee. "Die meeste Christelike sendelinge wat Sentraal en Westelike Europa inbeweeg het toe die Romeinse Ryk in duie gestort het, het die advies van Gregory die Grote gevolg. Hy het in 597 geskryf dat hulle nie

die heidense gebruike 'skielik tot niet moet maak nie', maar dat hulle dit moet aanpas tot 'die verheerliking van God'" (Fillmore, bl. 10).

Wat van u? Wie wil u navolg? Wil u die tradisies van die mense volg, of die oorspronklike Christelikheid van Christus? *Indien u kinders het, wat gaan u hulle leer*?

**Saturnalia se donker weerklank**

Skrywer Hugo Slim herinner ons daaraan dat Kersfees "seker die beste voorbeeld is van die vroeëre Kerk se verchristeliking van tradisionele nie-Christelike feeste van jaargetye – in hierdie geval die feeste van die terugkerende lig rondom die wintersonstilstand" (*A Feast of Festivals*, bl. 36-37). Die Romeine het die tydperk van die sonstilstand gevier as die "Saturnalia, ter ere van Saturnus, die god van landbou" (Fillmore , bl. 10).

Hierdie verbinding met Suturnalia openbaar 'n nog donkerder kant van die Kersfeestradisies en toon duidelik waarom Kersfees nie 'n *kindervriendelike fees* is nie! Die *Encyclopædia Britannica* verduidelik dat by die fees van Saturnalia, "het alle klasse geskenke uitgeruil, die algemeenste was waskerse en kleipoppe. Hierdie poppe was spesiaal aan kinders gegee ..." (artikel: "Saturnalia," 11de uitgawe). Wat was die doel van hierdie geskenke? "Varro reken hierdie poppe verteenwoordig die oorspronklike menslike offers wat aan die verfoeilike god gebring was. Daar was, soos ons gesien het, '*n tradisie dat menslike offers eens aan Saturnus geoffer was* en die Grieke en Romeine het die name Cronus en Saturnus aan die wrede Fenisiese [god] Baal gegee aan wie, onder andere, *kinders geoffer was in Carthago*" (*ibid*.).

**Kinderslagoffers en kannibalisme?**

Saturnalia – die fees wat deur Kersfees geabsorbeer is – dra selfs weerklank van antieke kinderslagoffers! Dit klink afgryslik dat poppe aan kinders gegee moet word as simbole of plaasvervangers van *kinders wat verbrand is vir heidense gode*. Nogtans word hierdie gebruik nageaap deur die moderne tradisie om engeltjies of klein menslike beeldjies aan kersbome te hang! Die antieke Grieke het klein maskertjies, genaamd *oscilla*, aan takke gehang, waar dit vryelik kon ronddraai in die wind. *Encyclopædia Britannica* verduidelik dat *oscilla* klein beeldjies was, gewoonlik maskertjies of gesiggies, wat opgehang was as "offers aan verskillende afgode ... Die gewoonte om hierdie *oscilla* op te hang, verteenwoordig 'n ouer gebruik van boetedoening vir menslike slagoffers" (*ibid*.).

Antieke aanbidding van Saturnus en vuuraanbidding het nie slegs kinderslagoffers behels nie, maar *dit het ook kannibalisme ingesluit*. Skrywer John Garnier merk op: "Dit lyk asof kannibalisme ingestel was deur Cronus of te wel Saturnus ... want ons word deur Sanchoniathon vertel dat Cronus die insteller van menslike slagoffers was ... *Saturnus word afgebeeld, besig om sy eie kinders te verslind*" (*The Worship of the Dead*, bl. 34-35).

Toe "Christen" sendelinge hulle *blind gehou het* vir die simbole van die antieke heidense feeste wat deur hulle bekeerlinge onderhou was, het hulle in hul eie aanbidding en gebruike 'n aantal antieke seremonies geabsorbeer wat *kinderslagoffers en kannibalisme* weerspieël het. Die simbole van hierdie afstootlike gebruike is vandag nog steeds teenwoordig as grimmige aandenkings van die "donker kant van Kersfees!"

Toe die antieke Israeliete Palestina binnegegaan het, het hulle 'n volk teëgekom wat die god Molog, 'n voorloper van Saturnus en Cronus, aanbid het. Historikus Alexander Hislop merk op: "As die verteenwoordiger van Molog of Baal was suigelinge die mees aanvaarbare offer op [Nimrod se] altaar. Ons het voldoende en tragiese bewyse oor hierdie onderwerp verkry uit rekords van die vroegste tye. 'Die Fenisiërs', [Kanaäniete wat in die gebied rondom Libanon gevestig was] sê Eusebius, 'het elke jaar hulle geliefde en eniggebore kinders aan Cronus of Saturnus geoffer'" (*The Two*

*Babylons*, bl. 231). Alhoewel God Sy volk verbied het om die Kanaäniete se voorbeeld te volg, het hulle tog in hierdie morbiede gebruik verval: "Bowendien het hulle hul seuns en hul dogters aan die duiwels geoffer en onskuldige bloed vergiet – die bloed van hul seuns en hul dogters wat hulle aan die afgode van Kanaän geoffer het – sodat die land deur bloedskuld ontheilig is" (Psalm 106:37-38).

Sou God wou hê dat u tradisies moet navolg wat versiersels het wat simbolies is van kinderslagoffers en vuuraanbidding? Sou God wou hê dat u u kinders dinge moet leer wat die ware God verdoesel en in die plek daarvan fokus op mites en fabels? Sou Hy wou hê dat u meedoen aan tradisies wat blatant materialisties is?

Wyse Koning Salomo het gesê: "My seun, vergeet my onderwysing nie, en laat jou hart my gebooie bewaar; want dit sal lengte van dae en jare van lewe en vrede vir jou vermeerder" (Spreuke 3:1-2). Dit is die opdragte wat God wil hê ons moet aandag aan skenk – en aan ons kinders moet leer. Die Psalmdigter skryf: "My volk, luister na my onderrig; neig julle oor tot die woorde van my mond ... Wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het, *sal ons nie verberg vir hulle kinders nie*, maar aan die volgende geslag vertel die roemryke dade van die HERE en Sy mag en Sy wonders wat Hy gedoen het" (Psalm 78:1-4).

Deur die profeet Jeremiah het God lank gelede Sy volk gewaarsku om nie die heidense nasies se gewoontes te gebruik om Hom te aanbid nie. "So sê die HERE: Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie, en skrik nie vir die tekens van die hemel, omdat die heidene daarvoor skrik nie. Want die insettinge van die volke is nietigheid; want 'n boom uit die bos kap hulle om, die handewerk van 'n ambagsman met die byl. Hulle versier dit met silwer en goud, hulle maak dit vas met spykers en hamers, dat dit nie waggel nie" (Jeremia 10:2-4). In Jeremia se dae het mense bome afgekap wat hulle dan opgerig het as voorwerpe van aanbidding. In ons dae vergader miljoene mense op 25 Desember om 'n "Kersboom", heeltemal blind vir die duisende jare van anti-God tradisies wat hul aanbidding onderskryf.

Kersfees oorskadu Jesus Christus se werklike plan van redding en vervang dit met leë mites en fabels. God se Heilige Dae – wat ware hoop bied en wat uiteindelik vrede aan die mensdom sal bring – openbaar Sy ware plan van redding en saligmaking. Indien u graag meer te wete wil kom oor God se werklike Heilige Dae, skryf dan vir u gratis kopie van ons boekie, *Die Heilige Dae – God se meesterplan*.

In 1934 het die populêre outeur, Dale Carnegie geskryf: "Vir duisende jare het die Romeine hulle versluk aan voedsel en dronk geword van wyn tydens die viering van die fees van Saturnalia in Desember ... hulle het vrolik fees gevier ter ere van [Saturnus], hulle huise met immergroen en steekpalm [holly] versier, poppe aan hulle kinders gegee en geskenke op mekaar laat reën ... Ou Kersvader wat op Oukersaand deur jou skoorsteen klim, was in sy heidense jeug die vuurgod van die antieke volke. Hy het duisende jare gelede geskenke aan die kinders in Rome gebring ... Kersfees kon wel duisende jare gelede 'n heidense orgie gewees het – maar wie gee om?" (*Little Known Facts About Well Known People*, bl. 145-146).

God gee wel om waar die tradisies van Kersfees vandaan kom. *Wat van u*? WvM

Wêreld van Môre

**Bybelstudiekursus**

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

# Ontsluit die Geheime van Openbaring

*Deur* **Richard F. Ames**

*Die boek Openbaring bevat geheimsinnige simbole wat slegs 'n paar mense verstaan. Kan u die geheime van Openbaring ontsluit? Is dit vir u moontlik om te weet wat die toekoms vir ons wêreld inhou – en wat u deel daarin is?*

Die boek Openbaring, soms die Apokalips genoem, is een van die belangrikste boeke in die wêreld. Waarom? Omdat dit die toekoms van die mensdom openbaar en ook die toekoms van die planeet aarde! Dit bevat egter simbole en geheime wat aan ons 'n uitdaging stel. Wat is die betekenis van hierdie laaste boek in die Bybel – hoe gaan dit u en u toekoms raak?

Die apostel Johannes was verban na die eiland Patmos, na aan die suidwestelike kus van Turkye, wat deur die Romeine as 'n strafkolonie gebruik was. God het in ongeveer 95 n.C. vir Johannes geïnspireer om die boek Openbaring te skryf, nadat hy alreeds die drie sendbriewe geskryf het wat deel sou uitmaak van die Nuwe Testament.

God het Johannes opdrag gegee om neer te skryf wat hy sien, en 'n seën uitgespreek oor diegene wat dít sal bestudeer wat Johannes geskryf het: "Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby" (Openbaring 1:3). Ja, die Almagtige God belowe dat Hy u sal seën as u ag sal slaan op Sy vermaning om die woorde van Openbaring te lees en dit te "hoor"; indien u dit sal "bewaar" – ter harte sal neem – wat in hierdie wesenlike boek geskryf staan.

Johannes het die verslag van sy visioen aan die sewe kerke op die algemene posroete in Klein Asië gestuur. Daardie kerke het vandag nog steeds betekenis vir ons. Hulle was Efese, Smirna, Pérgamus, Thiatire, Sardis, Filadelfia en Laodicea (sien Openbaring 1:11). Deesdae kan u argeologiese terreine in daardie stede in westelike Turkye besoek. Die geestelike toestand van daardie sewe kerke word weerspieël in God se Kerk deur die afgelope twee duisend jaar.

Die Openbaarder, Jesus Christus, sê aan ons om ***lesse*** te leer van elke kerk. Sewe maal – een keer vir elke kerk – vertel Hy aan ons: "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeente sê". Het enigeen van die beskrywings van hierdie kerke betrekking op ***u*** geestelike toestand?

**Die sewe kerke**

Jesus beskryf die kerk te Efese so: "Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het" (Openbaring 2:4). Efese is die "Liefdelose Kerk". Jesus waarsku die Efesiërs: "Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie" (vers 5). Het ***u***, as Christen, u "eerste liefde" verloor?

Smirna word die "Vervolgde Kerk" genoem. In Openbaring 2:9 sê Jesus: "Ek ken jou werke en verdrukking en armoede – maar jy is ryk ... Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee" (verse 9-10). Het ***u*** getrou lyding en vervolging weerstaan?

Pérgamus, die derde stilhouplek op die roete, word die "Kompromitterende Kerk" genoem. Pérgamus het leerstellings verdra wat tot seksuele immoraliteit gelei het.

Jesus waarsku: “Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog voer met die swaard van my mond” (vers 16). Het ***u*** gekompromitteer met valse leerstellings?

Thiatire, word die “Korrupte Kerk” genoem. Jesus kondig aan: “Ek ken jou werke en liefde en diens en geloof en jou lydsaamheid en jou werke, en dat die laaste meer is as die eerste. Maar Ek het enkele dinge teen jou, dat jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet. En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie. Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie” (verse 19-22). Het ***u*** die slagoffer van korrupsie geword?

Sardis, die vyfde kerk, word die “Dooie Kerk” genoem. Jesus waarsku: “Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef, en jy is dood. Wees wakker en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe, want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie. Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou” (Openbaring 3:1-3). Besit ***u lewende*** geloof?

Filadelfia word die “Getroue Kerk” genoem. Christus belowe aan die Filadelfiërs: “Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel. Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie” (Openbaring 3:10-11). Hou ***u*** vas aan die waarheid van God?

Laodicea, die laaste kerk op die posroete, is die “Louwarm Kerk”. Jesus waarsku die Laodicense: “Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug” (verse 15-16). Het ***u*** geloof louwarm geword?

Jesus wil hê dat ons na al sewe hierdie boodskappe moet luister. Hulle bevat almal veranderings wat ons in ons lewens moet maak. Sewe maal beveel Hy ons: “Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeente sê” – aan al sewe die gemeentes of kerke.

Christus se sewe boodskappe openbaar ook die geestelike karaktertrekke en gesindhede van die Christelike Kerk, sedert Christus se tyd tot aan die einde van hierdie tydvak. Ons mag in die era van Laodicea lewe, maar individueel kan ons 'n Filadelfiese benadering tot ons Christelikheid hê – liefde tot die broeders en oorgawe van onsself om te help dat God se waarskuwingsboodskap 'n wêreld bereik wat dit op sigself spoedig in 'n tyd van ongeëwenaarde krisis sal bevind, voor Christus se Wederkoms.

**'n Visioen van die Hemel**

In Openbaring 4 beskryf Johannes sy visioen van die Hemel. Hy sien die werklike troonkamer van God Almagtig, met 'n ***reënboog*** om God die Vader se setel van gesag. Hoe ontsagwekkend en inspirerend is dit dat ons Vader aan ons Sy hemelse troon beskryf. Dink u daaraan wanneer u bid? Christene mag direk tot God in die hemel bid, deur hulle Redder en Hoëpriester, Jesus Christus. “Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word” (Hebreërs 4:16). Dank God dat u in gebed na Hom mag kom. Wanneer u Openbaring 4 lees, maak seker dat u oor die majesteit en glorie van God se troon mediteer.

Openbaring 5 vertel van Johannes se visioen van die boekrol met die sewe seëls. In die eerste eeu na Christus het skrifgeleerdes manuskripte op lang stroke papirus of perkament geskryf, wat dan opgerol gehou was. Johannes skryf: “En ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, 'n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël. En ek het 'n sterk engel gesien wat met 'n groot stem uitroep: Wie is waardig om die boek ***oop te maak*** en sy seëls ***te breek?***” (Openbaring 5:1-2).

Johannes het gehuil, want daar was niemand wat waardig was om die boekrol oop te maak

nie – totdat die Lam van God, Jesus Christus, begin het om die seëls oop te maak. God openbaar ons ontsagwekkende toekoms wanneer Hy aan ons sê: "U [die Lam, Jesus Chrustus] is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed ***gekoop*** uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers" (Verse 9-10).

Jesus, die Lam van God, het Sy bloed gestort vir die sondes van elke menslike wese. Diegene wat hul werklik van hul sondes bekeer het en wat hul geloof gedemonstreer het deur hulle te laat doop met die doop wat God se woord ons beveel, se sondes is vergewe. Hulle is losgekoop! Moontlik het ***u*** op daardie plek in u lewe gekom waar u die noodsaaklikheid van vergifnis begryp. U besef die nodigheid daarvan om u lewe om te keer en 'n dramatiese verandering te maak. Indien u werklik ernstig is om so 'n verandering te maak, nooi ons u uit om te beraadslaag met 'n ware dienaar van Jesus Christus. Skryf slegs aan ons by een van ons Streekkantore soos gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif of nader ons aanlyn by ons webtuiste www.wvm.co.za.

Almal wat hulle wel bekeer en hul lewens heeltemal verander deur hul Verlosser te gehoorsaam, kan uitsien na 'n ontsagwekkende toekoms. Hulle sal die aarde beërwe as onsterflike, verheerlikte kinders van God en tydens die Millennium sal hulle saam met Christus regeer (Openbaring 20:4-6)! God openbaar ons ontsagwekkende en glorieryke toekoms. Getroue Christene sal die aarde en alle dinge beërwe, met inbegrip van die heelal (Openbaring 21:7). Indien God u nou roep, sal u sekerlik nie daardie geleentheid wil misloop nie!

Openbaring 6 beeld die eerste vier seëls van Openbaring uit. Hulle is die beroemde vier "perderuiters" van die Apokalips. (Sien die laaste paragraaf: "Die rit van die vier perderuiters!") Die vier perde en hul ruiters simboliseer groot verwoesting oor die hele aarde. Wat is egter die betekenis daarvan? Jesus, die Openbaarder, gee 'n raamwerk van die profetiese gebeure in Sy Olyfbergprofesie wat ons vind in Mattheüs 24, Markus 13 en Lukas 21. Hierdie profetiese gebeure verklaar die vier perderuiters in die boek Openbaring. Die beroemde vier perderuiters van die Apokalips simboliseer valse Christusse en valse godsdiens, oorlog en die ontsettende gevolge daarvan, hongersnode wat gewoonlik op die hakke van oorloë volg, en pessiektes [siekte-epidemies] en siektes wat volg op hongersnood.

Skokkende tye lê voor vir die hele wêreld. Ons moet voorbereid wees. Hierdie vier perderuiters sal reg oor die aarde verwoesting saai. Ja, daar was nog altyd oorloë, hongersnode en siektes, maar die vier perderuiters sal in die jare wat voorlê hulle rit meer intens maak en ons sal rekord getalle sterftes en slagoffers sien. Nie alleen sal groot oorloë verwoesting saai nie, maar die euwels van terrorisme sal teen die Westerse nasies toeneem, tensy hulle hul van hul sedeloosheid en wetteloosheid bekeer. Daar sal 'n tyd kom dat die tragiese gebeure van 11 September 2001 onbenullig sal wees in vergelyking met die gruwelike verskrikkings wat die Amerikaners en ander nasies wat van die Britte afstam, gaan tref.

Hierna volg die vyfde seël. "En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het" (Openbaring 6:9). Hier word die martelaarskap van die heiliges – waaragtige Christene – beskryf. In die eerste eeu het die Romeinse keiser, Nero, die Christene geweldig vervolg en hulle laat doodmaak. Die vyfde seël dui ook op 'n grootskaalse eindtydse vervolging van die heiliges (Mattheüs 24:9).

Daarna maak Jesus die sesde seël oop wat die hemelse tekens aandui en wat die mense oor die hele aarde sal skok. Wat is daardie tekens? "En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde

geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en ***al die berge*** en ***eilande*** is uit hulle plekke versit" (Openbaring 6:12-14). Ja, Bybelse profesieë maak melding van 'n tyd wanneer vreesaanjaende asteroïde en meteoriete deur die lug sal flits. Massiewe aardbewings sal ook die grond onder ons voete laat skud. In die afgelope jare het ons sterk aardbewings en tsunamies ervaar, maar dáárdie wat aan kom is, sal baie meer intens wees, dit sal elke berg en eiland verskuif.

Hierdie hemelse tekens lui die sewende seël in, ook bekend as die "Dag van die Here" – die tyd van God se gramskap en oordeel oor 'n ondankbare en rebelse wêreld, wanneer Jesus Christus, die Lam, God se regverdige oordeel sal voltrek. Die Dag van die Here is ook bekend as "die groot dag van Sy toorn" (vers 17)!

Wanneer die sewende seël geopen word, vind ons dat dit bestaan uit sewe oordele. "En toe Hy die sewende seël oopgemaak het, kom daar stilte in die hemel omtrent 'n halfuur lank. En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en sewe basuine is aan hulle gegee" (Openbaring 8:1-2). Met hulle basuine kondig die engele die plae aan wat die aarde gaan verwoes.

Daardie plae sal verskriklike lyding veroorsaak vir die mense wat gedurende hierdie tyd van beproewing gaan leef, behalwe vir 'n klein handjievol wat God in 'n plek van veiligheid sal beskerm. Daar is egter goeie nuus! Net ná die Dag van die Here volg die glorieryke Koninkryk van God, wat deur Jesus op hierdie aarde ingestel gaan word! Ja, Jesus Christus gaan weer kom met groot krag en liefde om Sy duisendjarige heerskappy oor die planeet aarde in te lui.

**God belowe seën**

Soos ons gesien het, belowe God om diegene te ***seën*** wat Sy Woord bestudeer en strewe om daarvolgens te lewe. U wil nie graag God se seën verbeur nie. Lees die boek Openbaring in die wete dat God u sal seën indien u daarna sal strewe om dit te verstaan en Sy lewenswyse te beoefen. Ons wêreld verkeer tans in gevaar en verwarring. Bybelprofesieë waarsku aangaande meer en groter aardbewings, droogtes, oorstromings, orkane, vulkaniese uitbarstings en ander natuurrampe. Selfs wetenskaplikes en geopolitici voorspel nou 'n geweldige toename in omgewingsrampe en militêre konflikte, soos wat die 21ste eeu ontvou.

Daar lê verskriklike tye voor. Die boek Openbaring openbaar egter ook God se genadiglike ingryping tydens die Dag van die Here, en die terugkeer van die Prins van Vrede, Jesus Christus, met Sy Wederkoms. Ons sien uit na die sewende basuin wat aan ons die goeie nuus sal bring: "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Openbaring 11:15)!

Ware Christene sal **juig** om die aankondiging te hoor, maar die misleide nasies en militêre magte sal ***nie*** verheug wees nie **–** hulle sal woedend [vertoornd] wees. Let wel: "Ons dank U, Here God, Almagtige, wat is en wat was en wat kom, dat U u groot mag aangeneem en as koning geheers het. En die nasies was vertoornd, en u toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf" (verse 17-18).

Die Koning van die konings, Jesus Christus, sal die oorlog wen teen die ontsaglike gekombineerde militêre mag van die rebelse mensdom. Dan sal Christus oordeel fel oor die bose wêreldmagte wat gesimboliseer word deur diere soos beskryf in Openbaring 13 en 17. Wie is die luiperdagtige, sewekoppige dier met tien horings in Openbaring 13, wat voete het soos 'n beer en 'n bek soos 'n leeu? Wie is die dier met twee horings, voorkom soos 'n lam maar praat soos 'n draak? Wie is die vrou wat die dier van Openbaring 17 ry? Skryf en vra om u gratis kopie van ons boekie: *Openbaring: Die Verborgenheid Onthul* – dit sal

aan u die betekenis en identiteit daarvan verduidelik en wat dit beteken vir u toekoms en die toekoms van die wêreld.

Na "die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God" (verwys Openbaring 16:14), sal die Prins van Vrede oor alle nasies regeer. Vir die eerste keer in die menslike geskiedenis sal die mensdom dan begin om werklike wêreldvrede te geniet. "En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde" (Sagaria 14:9). Die heiliges sal vir 'n duisend jaar saam met Christus op die aarde heers (Openbaring 20:4-6), en daarna die ewigheid in.

Die boek Openbaring onthul dat ons kan uitsien na die toekomstige Koninkryk van God. Terwyl ons waak en wag behoort ons daagliks te bid: "Laat **U** koninkryk kom"! Spoedig nadat die duisend jaar van Christus se Millennium heerskappy op aarde voltooi is, sal die Nuwe Jerusalem na 'n hernude hemel en aarde (Jesaja 65:17; Openbaring 21) neerdaal. God sal eens en vir altyd wegdoen met Satan die duiwel en die heelal sal goddelike vrede vir alle ewigheid smaak. Daar lê gevaarlike tye voor, maar die boek Openbaring toon aan ons die hoop wat wag – die tyd wanneer God se getroue volgelinge die aarde sal beërwe en uiteindelik die hele heelal. Dank God vir die heerlikheid wat Hy aan ons en aan Sy hele skepping gaan skenk!

**Die rit van die vier perderuiters!**

Die apostel Johannes beskryf vier perderuiters wat groot misleiding simboliseer en ook verwoesting aan die mensdom en lewe op aarde. "En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd. En hy wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin. En toe Hy die tweede seël oopgemaak het, hoor ek die tweede lewende wese sê: Kom kyk! En 'n ander perd, 'n vuurrooie, het uitgekom, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee. En toe Hy die derde seël oopgemaak het, hoor ek die derde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n swart perd; en hy wat daarop sit, het 'n skaal in sy hand. En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: 'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie. En toe Hy die vierde seël oopgemaak het, hoor ek die stem van die vierde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde" (Openbaring 6:2-8). WvM


# Openbaring:
## Die verborgenheid onthul!

***Baie beskou Openbaring as 'n boek in die Bybel wat die moeilikste is om te verstaan. Sommige mense maak die ingewikkelde vertellings en aanskoulike beskrywings as blote versinnebeelding af, terwyl andere aanneem dat dit vervloë geskiedenis oorvertel. Die waarheid is egter veel meer merkwaardig: Indien u Openbaring verstaan, kan u weet wat die toekoms vir ons wêreld inhou!***

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

# Verstaan eindtydse profesieë

*Deur* **Douglas S Winnail**

Sedert die ontwikkeling van kernwapens teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog, leef die wêreld in die dreigende skadu van kernuitwissing. Die uitbreek van internasionale terrorisme en die opvlamming van vyandighede in die Midde-Ooste het hierdie bedreiging weereens laat ontbrand. Saam met hierdie vrese is daar kommer oor epidemiese siektes soos MIV-VIGS, cholera, middelweerstandige tuberkulose en Kongokoors, wat vinnig oor die wêreld kan versprei. Terselftertyd sien ons rekorddroogtes, brande, hongersnode en meer en meer uiterste weerstoestande – oorstromings, orkane, tornado's, aardbewings en getygolwe – wat baie mense met wêreldwye klimaatveranderings assosieer. Is daar enige betekenis verbonde aan hierdie gelyktydiglopende en rampspoedige gebeurtenisse?

Baie mense wat "in die Bybel glo," eien 'n verband tussen vandag se nuus en die antieke "eindtydse" profesieë wat in die Bybel aangeteken is. Andere weer, bewus van sovele selfverklaarde profete se mislukte profesieë en vooruitskattings oor die einde van die wêreld, is skepties omtrent die belangrikheid van die Bybel se eindtydse profesieë.

Teoloë en akademici bevraagteken en bespot dikwels die akkuraatheid en egtheid van die Bybel, wat slegs sodanige skeptisisme verder aanblaas. Daarby sê baie mense deesdae dat hulle in God glo, maar hul weet *glad nie wat die Bybel werklik sê nie*! Dit is dus geensins verbasend dat baie mense verward is oor wat voorlê nie.

**Bybelse onkunde oorheers!**

Studies toon aan dat baie belydende Christene *nie* die eerste vyf boeke van die Bybel *kan identifiseer* nie, *nie* enige van die Tien Gebooie *kan onthou* nie en *nie* die vier Evangelies of Jesus se twaalf dissipels kan *opnoem* nie (*Religious Literacy*, Prothero, bll. 1, 5, 30). Die Verenigde State, een van die mees openlik-godsdienstige nasies in die wêreld, is ook al 'n "volk van bybelse ongeletterdheid" genoem. Met soveel bybelse onkunde is dit geen wonder dat baie mense vandag *nie die belangrikheid van wêreldgebeure wat strook met Bybelprofesieë oor die eindtye, kan insien nie*.

Die probleem word vererger deur studente en predikante wat die Bybel verkeerd vertolk en wanaanwend, of wat die outoriteit daarvan met hulle intellektuele spekulasies ondermyn. Selfs die meeste kerkgangers vind dat hulle predikante gewoonlik op Sondagoggende preke lewer oor "nie-omstrede" onderwerpe soos liefde, vergifnis, geloof en vreugde – en selde indien ooit melding maak van die Bybel se vele profetiese boeke, omdat die meeste predikante eenvoudig nie profesieë verstaan nie (*End Times*, Walvoord, bl. v).

Tog is 25 tot 30 persent van die Bybel profesie. Ongeveer 50 persent van al die Bybel se profesieë is al *letterlik vervul* – soos die geskiedenis kan bewys (*ibid*., bl. 7). 'n Verdere 50 persent – waarvan baie verband hou met die "laaste dae" of "eindtye" – *moet nog vervul word*. Daardie eindtye begin toenemend ooreenstem met die tye waarin ons vandag leef!

Met so 'n groot deel van die Bybel wat aan profesie gewy word, *waarom* is dit dat die meeste mense die talle eindtydse profesieë nie verstaan nie? *Waarom faal* teoloë daarin om 'n verband te vind tussen antieke Bybelprofesieë en wêreldgebeure wat *vandag nuus maak*? Waarom is dit dat predikante en godsdienstige leraars belangrike besonderhede van Bybelprofesieë ignoreer of wegredeneer? *Waarom* is mense onbewus daarvan dat die Bybel *onthul* waarheen wêreldgebeure lei in die jare wat vlak voor ons lê? Die Bybel,

asook die geskiedenis, verskaf belangrike antwoorde wat u behoort te verstaan – omdat u toekoms op die spel is!

**Apostels, eksentrieke persone en skeptici**

Kommer oor "die einde van die wêreld" is diep in die wortels van die westerse beskawing gesetel (sien *A Brief History of the end of the World*, Pearson, bl. 1). Jesus se dissipels het twee duisend jaar gelede aan Hom gevra, "Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van U koms en van die voleinding van die wêreld?" (Mattheüs 24:3). Jesus het nie die vraag afgewys of gesê dat Hy *enige oomblik* onverwags sal terugkeer nie. Hy het 'n lys van *spesifieke gebeure* opgenoem wat Sy dissipels sou laat verstaan wanneer Sy koms naby is (sien Mattheüs 24; Markus 13; Lukas 21). Die apostel Paulus het spesifieke eindtydgebeure beskryf wat sal plaasvind kort voor Jesus se Wederkoms (sien 2 Thessalonicense 2; 1 Timoteus 4:1-3; 2 Timoteus 3; 4). Die apostel Johannes is geïnspireer om die boek Openbaring te skryf, wat 'n werklike oorsig gee van die eindtydgebeure wat voortbou op die boek van Daniël en die geskrifte van ander Ou-Testamentiese profete.

Daar is van die boek Openbaring gesê: "Die laaste boek van die Christelike Bybel het waarskynlik meer invloed op geskiedenis en menslike gedrag oor die algemeen uitgeoefen as enige ander enkele stuk wat geskryf is ... dit het miljoene mense oor die afgelope twee duisend jaar heen onderskeidelik *verskrik* en *geïnspireer*" (Pearson, bl. 19). Kort nadat Johannes Openbaring voltooi het, het selfaangestelde godsdienstige leraars begin om hierdie interessante en uiterlik geheimsinnige boek te verdraai en verkeerd aan te wend. In die tweede eeu na Christus, het 'n kwaksalwer genaamd Montanus wat daarop aanspraak gemaak het dat hy 'n reïnkarnasie van die Heilige Gees is, saam met twee profetesse in Klein-Asië hul verskyning gemaak. Hulle sou in beswymings verval, ekstatiese dinge uiter en verkondig dat die einde van die wêreld naby was. Montanus het, deur Openbaring 21 te verdraai, mense aangepor om hulle wonings te verlaat en in 'n sekere dorpie bymekaar te kom om die koms van die Nuwe Jerusalem af te wag. Toe Montanus se voorspellings *nie vervul was nie*, is nuwe datums gestel soos wat die beweging oor Noord-Afrika na Rome en Gaul [Frankryk] versprei het (Pearson, bll. 75-79). Montanus was slegs maar een van die eerstes van vele misleide individue wat Bybelprofesieë oor die eindtye verkeerd gelees en vertolk het.

Deur die eeue heen het godsdienstige bewegings wat die einde van die wêreld aangekondig het, geweld teen andere wat nie hul sienings gedeel het nie, uitbasuin. Baie misleide godsdiensleiers het hulle volgelinge aangespoor om ongelowiges te "elimineer" om die aarde voor te berei vir die Koninkryk van God (Pearson, bll. 122-133). Tydens die Middeleeue het pouse in Rome die Kruistogte geloods deur haat te predik teenoor Moslems, Jode en diegene wat van die Roomse Kerk verskil het, in 'n poging om die Heilige Land terug te wen, "Christen"-eenheid te herstel en om hulle idee van God se Koninkryk op aarde teweeg te bring. Dit is interessant dat selfverklaarde profete en "messiasse" wat selibaatheid of streng seksuele onthouding van hulle volgelinge vereis het, dikwels self *baie vroue* geneem het soos wat hulle voorberei het op die einde van die wêreld en die toekomstige Koninkryk van God. Deur die eeue heen is dosyne einde-van-die-wêreld datums gestel en weer gestel: 500 n.C., 666, 800, 1000, 1666, 1668, 1694, 1700, 1757, 1761, 1836 (gestel deur John Wesley), 1844, 1975 en 2000 – almal veronderstel om op Bybelprofesieë gebaseer te wees. Al hierdie datums het egter gekom en gegaan en die wêreld staan nog steeds.

Spekulasie oor die einde van die wêreld is nie beperk tot "Christelike" bronne nie. Die Maja-kalender voorspel dat die wêreld op 22 Desember 2012 met die dood van die son sal vergaan (Pearson, bl. 285). Heidense Noorse legendes wat in die tiende eeu geskryf is, bevat duidelike beskrywings van hoe die wêreld sal eindig. Apokaliptiese Joodse groepe

berei vandag voor vir die herinstelling van offerandes en tempelaanbidding in Jerusalem om die terugkeer van die Messias te verhaas. Moslemekstremiste is bereid om 'n Oos-Wes konfrontasie te bevorder om die terugkeer van die *Mahdi* te verhaas wat, so glo hulle, 'n wêreldwye kalifaat sal vestig waarin almal tot die Moslemgeloof bekeer sal word of "uitgewis" sal word (Pearson, bll. 80-85). In vandag se milieu, beskou sommige mense die Bybel se eindtydse profesieë as *gevaarlik*, *skrikwekkend, bedrieglik* en doelbewus *uitlokkend* (sien *A History of the end of the World,* Kirsch, bll. 1, 99, 103, 249).

**Suiwering van die Bybelse teks**

In 'n poging om die *letterlike* vertolking van Bybelse profesieë teen te werk, het vroeëre kerkleiers *eienaardige strategieë* uitgedink, wat vandag nog steeds met ons is. Teoloë soos Augustinus (354-430 n.C) het die gedagte bevorder dat "goeie Christene nie die fout moet maak" om Bybelprofesieë *letterlik* te lees nie, maar dit eerder moet verstaan as "'n *sinnebeeld [allegorie]* en nie 'n duidelike beskrywing van wat presies sal gebeur wanneer die wêreld tot 'n einde kom" nie (Kirsch, bl. 116). Godsdiensleiers onder die invloed van Griekse filosofie het Bybelprofesieë gesien as *simbole* van die stryd tussen goed en kwaad en nie as beskrywings van regte gebeurlikhede nie. Profesieë oor Jesus Christus se milleniale regering op die aarde saam met die heiliges (sien Openbaring 20:4-6), moet beskou word as *simbolies* en nie as 'n toekomstige realiteit nie. In Augustinus se sinnebeeldige teologie, bestaan die koninkryk van God *hier en nou as die Katolieke Kerk* – nie as 'n toekomstige regering wat Jesus Christus by Sy Wederkoms sal vestig nie – alhoewel Augustinus se siening duidelik die Bybel weerspreek (sien Openbaring 5:10; 11:15-18; Daniël 7:27)!

Hierdie *sinnebeeldige of allegoriese metode* om Bybelprofesieë te vertolk, kom uit Alexandrië, 'n stad in Noord-Afrika, in die tweede eeu na Christus. Dit staan in skrille kontras teenoor die *letterlike* siening van profesieë wat die Kerk van die begin af aanvaar het (Walvoord, bl. 9). Jesus se profesieë oor die toekomstige vernietiging van die tempel is *letterlik vervul* in 70 n.C. – ongeveer 40 jaar nadat Hy dit gesê het – dus het vroeëre Christene geen rede gehad om aan te neem dat Sy ander profesieë oor daaropvolgende gebeure, Sy Wederkoms inkluis, en die einde van hierdie era, bloot sinnebeeldig sou wees en nie verband sou hou met letterlike gebeurtenisse nie (sien Mattheüs 24:1-31). Onthou dat Jesus Sy dissipels aangesê het om op die uitkyk te wees vir die gebeure wat Hy beskryf het, sodat hulle voorbereid sou wees op Sy Wederkoms (Mattheüs 24:32-44).

Nogtans, van die vierde eeu af en daarna, het die Rooms-Katolieke Kerk Augustinus se sinnebeeldige sienings van profesie aangeneem en aktief bevorder. Geleidelik is die opwindende letterlike boodskap wat die eerste Christene gemotiveer het, verwerp – eers as 'n *sinnebeeld* en daarna as 'n *dwaalleer* – deur teoloë in die Roomse kerk (sien *The Decline and Fall of the Roman Empire*, Gibbon, hoofstuk 15). Die Roomse kerk het as sy dogma die idee aanvaar dat die kerk die koninkryk van God was, wat allegories in die Bybel beskryf word. Hierdie sinnebeeldige siening is deur baie Protestantse hervormers aanvaar en gaan vandag nog voort in baie Protestantse kerke, sowel as in die Roomse kerk. Dit is dus nie verrassend dat baie min mense vandag 'n werklike begrip het van die Bybelse besonderhede van die letterlike eindtydse profesieë van die toekomstige Koninkryk van God nie.

Een manier waarop vroeëre teoloë die duidelike letterlike boodskap van Bybelprofesieë ondermyn het, was om twyfel te saai oor die akkuraatheid en egtheid van die belangrikste profetiese boeke. Vroeëre kritici het aangevoer dat die boek *Daniël* nie deur Daniël self in 600 v.C. geskryf is nie, maar in die tweede eeu v.C. deur 'n bedrieër wat slegs geskiedenis aangeteken het – nie profesie nie – nadat die gebeure reeds plaasgevind het! Vandag se liberale studente voer

soortgelyke argumente aan, hoewel hulle argumente nie by nadere ondersoek water hou nie. Jesus self sê dat die boek van Daniël se profesieë geskryf is deur "die profeet Daniël" (Mattheüs 24:15; Markus 13:14). Kopieë van die boek van Daniël is ook gevind onder die Dooie See Rolle, wat dateer uit die tweede eeu v.C., 'n bewys dat die boek lank tevore reeds geskryf was (Walvoord, bl. 105).

Nog 'n bewys is dat 'n geleerde wat 'n kleitablet in die Britse Museum bestudeer het, onlangs 'n ontdekking gemaak het wat "dramatiese bewys lewer van die akkuraatheid van die Ou Testament" (*The Times*, 11 Julie 2007). Die naam van koning Nebukadneser se hoofeunug is op 'n kleitablet gevind wat dateer uit 595 v.C. – wat ooreenstem met 'n naam wat in Jeremia 39:1-3 aangeteken is. 'n Latere skrywer sou dit waarskynlik nie geweet het of so 'n geringe besonderheid van eeue tevore aangeteken het nie.

Aangesien eksentrieke, selfaangestelde profete soos Montanus dit 'n gunstelingteks gemaak het vir einde-van-die-wêreld voorspellings, het sommige vroeëre teoloë gepoog om die egtheid van Openbaring in twyfel te trek deur te sê dat die apostel Johannes nie werklik hierdie lastige boek geskryf het nie. Gevolglik het Openbaring 'n "betwiste" boek geword wat sommige mense gedink het nie in die Bybel hoort nie (Kirsch, bl. 107). Jerome (340-420 n.C.), wat die Bybel in Latyn vertaal het, was gefrustreerd deur die "geheimsinnighede" in Openbaring. Martin Luther het Openbaring nóg "apostolies nóg as profeties" beskou. Ander kritici het die boek "gevaarlik" en sub-Christelik verklaar, ontsteld deur die oënskynlik bisarre verbeedingrykheid daarvan en die uitbeelding van 'n gewelddadige en wraaksugtige Jesus gewapen met 'n tweesnydende swaard (sien Openbaring 19:11-15), en die gebrek aan Jesus se sagmoedige leerstellings oor "liefde vir jou naaste" (Kirsch, bll. 101-103). Om hierdie en ander redes, het goedbedoelde maar misleide teoloë gepoog om die boek Openbaring "veilig te maak vir menslike gebruik" deur te beklemtoon dat dit ***nie*** gelees moet word as 'n boek wat handel oor *werklike* gebeure nie, maar slegs as 'n *allegorie* – as die *simboliese* stryd tussen goed en kwaad (*ibid*. bl. 118).

**Terug na die werklikheid!**

Die Bybel self maak dit egter duidelik dat die profesieë daarin bedoel is om verstaan te word deur God se ware dienaars. Die apostel Johannes was geïnspireer om te skryf, "Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het *om aan Sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur* ... Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby" (Openbaring 1:1-3). God het in antieke tye aan die profeet Amos gesê, "Want die Here HERE doen niks tensy Hy Sy raadsbesluit aan Sy knegte, die profete, geopenbaar het nie" (Amos 3:7). God het ook aan Daniël gesê om 'n koning se droom te verduidelik deur te sê "daar is 'n God in die hemel wat geheime openbaar, en Hy het koning Nebukadnésar bekend gemaak *wat aan die einde van die dae sal gebeur* ... Die grote God het aan die koning bekend gemaak *wat hierna sal gebeur*; en *die droom is waar en sy uitlegging betroubaar*" (Daniël 2:28, 45). Die apostel Petrus sê duidelik van die ware Kerk dat "... ons ... *die profetiese woord [het] wat baie vas is*" (2 Petrus 1:19). God het aan Sy Kerk (wat 'n dosyn kere in die Nuwe-Testament die "kerk van God" genoem word – sien 1 Korinthiërs 1:2; 10:32; 11:22; 15:9; Galasiërs 1:13) 'n unieke begrip gegee van profesie sodat dit die wêreld kan waarsku oor die werklike betekenis van eindtydgebeure en oor wat voorlê!

Bybelstudente erken dat vervulde profesieë een van die mees dramatiese bewyse van die Bybel se goddelike inspirasie is en dat God "in profesie Sy opperplan vir die geskiedenis onthul het, 'n plan wat oor duisende jare heen ontvou" (Walvoord, bl. vii). Om die waarheid te sê, bevat geen ander veronderstelde "heilige boek" naastenby die hoeveelheid en gehalte van profesieë wat regdeur die Bybel gevind word nie. Voorspelde "eindtyd" gebeure is bedoel om as wegwysers te dien wat die

naderende einde van hierdie huidige era aandui, asook die Wederkoms van Jesus Christus om die Koninkryk van God op hierdie aarde te vestig. Maar wat is daardie tekens?

**Eindtydse profesieë**

Jesus het aan Sy dissipels gesê dat een inleidende teken van die einde van hierdie era 'n vloedgolf valse leraars sal wees, wat almal daarop aanspraak sal maak dat hulle Hom verteenwoordig. Hy het ook gewaarsku teen wydverspreide godsdienstige verwarring, toenemende oorloë en geweld, verskriklike siekte-epidemies en ander siektes en rampe, met inbegrip van ongekende weerversteurings – soos droogtes, oorstromings, hongersnode en aardbewings (Mattheüs 24:3-10). Christus het voorspel dat daardie gebeure sou begin plaasvind op 'n tydstip dat die mensdom alle lewe op aarde sal kan uitwis (Mattheüs 24:21-22) – wat vir die eerste keer 'n werklike moontlikheid geword het na die Tweede Wêreldoorlog met die ontwikkeling van atoom- en waterstofbomme.

Die Bybel toon dat, namate hierdie tekens verskyn, geweld in die Midde-Ooste sal begin toeneem. Eindtydse profesieë wys ook daarop dat Jerusalem die middelpunt van die wêreld se aandag sal word. "En in dié dag maak Ek Jerusalem tot 'n baie swaar klip vir al die volke: elkeen wat dit optel, sal hom daarmee sekerlik seermaak; en al die nasies van die aarde sal daarteen vergader word" (Sagaria 12:1-3). Jesus sê ook: "En wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingeld sien, dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is ... en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies [heidene]" vir drie-en-'n-halwe jaar (Lukas 21:20-24; Openbaring 11:1-2). Ook dat die helfte van sy mense in ballingskap geneem sal word (Sagaria 14:1-2). Hierdie gebeure sal plaasvind op 'n tyd wat die "voortdurende offer Hom [God] ontneem" word (Daniël 8:11). Hoe kan dit weggeneem word as dit nog nie eens weer ingestel is nie? Dit is interressant om daarop te let dat verskeie Ortodokse Joodse groepe hulle voorberei om diere-offers wat deur die Joodse rituele wetgewing voorgeskryf word, weer in te stel.

Eindtydse profesieë onthul ook dat, terwyl die bogenoemde gebeure afspeel, belangrike ontwikkelings in Europa sal plaasvind. Die Bybel verduidelik dat 'n konfederasie van tien nasies of groepe van nasies wat historiese bande met die ou Romeinse Ryk het, in Europa sal opstaan net voor die Wederkoms van Jesus Christus (Daniël 2:40-43). Hierdie tien nasies sal hulle soewereiniteit oorgee aan 'n sterk politieke leier genaamd "die dier" (Openbaring 17:12-13). Hierdie geslepe politieke leier sal met 'n prominente godsdiensleier saamwerk – die vals profeet (sien Openbaring 13) – wat die leier sal wees van 'n kerk met 'n wêreldwye invloed, met 'n lang geskiedenis van betrokkenheid in Europese politiek en 'n geskiedenis van brutale vervolging van diegene wat in die Bybel glo (Openbaring 17:1-6). Die vals profeet sal die wêreld met wonderwerke mislei (2 Thessalonicense 2:1-12). Hy sal ekumeniese aktiwiteite bevorder in 'n poging om die gefragmenteerde "Christelike" kerke weer onder sy gesag te versamel (sien Jesaja 47:1-8). Bybelprofesieë toon dat hierdie konfederasie in Europa (gelei deur Duitsland – Assirië – sien Jesaja 10:5-19) 'n militante wending sal neem en wanneer dit aangehits word deur 'n vyand vanuit die suide (hoogswaarskynlik 'n Moslemkonfederasie), sal dit die Midde-Ooste binneval en die Heilige Land beset (Daniël 11:36-45). Die Bybel dui egter aan dat hierdie opkomende Europese mag van korte duur sal wees en deur Jesus Christus verslaan sal word met Sy Wederkoms (Daniël 2:41-45).

Ons behoort ernstig gestemd te wees wanneer ons besef dat ons in 'n tyd leef waarin daardie eindtydse profesieë *begin gestalte aanneem!* Oor die afgelope 50 jaar het pogings om Europa te verenig voortdurend vordering gemaak, met die aanmoediging en seën van pouse en druk van 'n al hoe invloedryker Duitsland. Terselftertyd het ons die opkoms van Islamitiese

***Vervolg op bladsy 27***

# Vrae & Antwoorde

**Vraag:** U tydskrif beskryf dikwels die Verenigde State se militêre betrokkenhede en wys hoe Bybelse profesieë oorloë voorspel. Die Ou Testament is gevul met verslae van die Israeliete wat oorlog voer. Is dit geoorloof vir 'n Christen om sy of haar land as 'n soldaat in die oorlog te dien?

**Antwoord:** Jesus Christus het 'n baie duidelike riglyn vir Sy volgelinge daargestel: “Maar Ek sê vir julle wat luister: Julle moet jul vyande liefhê en goed doen aan die wat vir julle haat. Seën die wat vir julle vervloek, en bid vir die wat julle beledig” (Lukas 6:27-28). Hy het ons ook geleer dat ons volgens “elke woord van God” moet leef – ons lewens moet deur elke woord van die Bybel gelei word.

Christene het sekerlik 'n verpligting om die gesag van die wettige regering te gehoorsaam (Romeine 13:1-7). Christus Self het verduidelik dat Sy volgelinge belasting aan die siviele regering behoort te betaal (Mattheüs 22:21). Ons sien dus dat die Christen nie die pligte wat wettiglik deur die burgerlike gemeenskap opgedra word, mag verontagsaam nie.

Wanneer die wette van die siviele regering egter teenstrydig is met God se Wet, dan moet Christene besluit aan wie hulle getrou onderdanig sal wees (Handelinge 4:19; 5:29, 32; Romeine 6:16). Toe die Israeliete oorloë gevoer het, het hulle dit in direkte opdrag van God Self gedoen, en geveg vir die ***menslike*** koninkryk – die nasie van Israel – wat God destyds ingestel het onder die voorwaardes van die ou verbond. Israel het egter God se heerskappy ***verwerp***, dus het Hy van hulle afstand gedoen en simbolies van hulle “geskei” (Jeremia 3:8). Later het Jesus Christus natuurlik gekom en die Heilige Gees beskikbaar gestel aan almal wat gedoop en aan Hom gehoorsaam is. Christene verstaan vandag dat Christus se koninkryk nog nie oor die aarde heers nie; Jesus sê: “My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie” (Johannes 18:36). Christus het belowe dat Hy met Sy Wederkoms Sy koninkryk op die aarde sal vestig. Tot dan is Christene se onderhorigheid nie aan hierdie wêreld nie (Filippense 3:20). Vandag se Christene is “vreemdelinge en bywoners op aarde” (Hebreërs 11:13), in afwagting van Sy koninkryk.

Wat behoort Christene te doen as hulle geloot word vir verpligte militêre diens? Tans is daar geen loting in die Verenigde State nie; maar die wet vereis nogtans dat elke manlike burger by die Selektiewe Dienste Sisteem moet registreer, binne 30 dae na hul 18de verjaarsdag. Hierdie vereiste skend nie enige Bybelse beginsel soos uiteengesit in Mattheüs 22:21 of Romeine 13:1-7 nie. Deur te registreer by die Selektiewe Dienste Sisteem impliseer nie dat die persoon toegestem het om aan oorlogvoering deel te neem nie. Trouens, hierdie registrasie kan 'n geleentheid bied om formeel gewetensbeswaar teen militêre diens aan te teken. Organisasies soos die “Centre on Conscience and War” in Amerika (nie geaffilieer by die *Wêreld van Môre* nie – by webtuiste www.centeronconscience.org) kan persone help om op die regte wyse gewetensbesware aan te teken. Dit maak nie saak watter ander stappe 'n persoon met gewetensbesware nou neem nie, die punt is dat mens nou jou geloofsoortuiging moet ***uitleef***, sodat wanneer 'n loting wel plaasvind, dit nie sal lyk na 'n weiering om te veg as gevolg van lafhartigheid of gerief eerder as 'n lankbestaande, diepe geloofsoortuiging nie.

Baie lande maak daarvoor voorsiening dat 'n persoon met opregte gewetensbesware uitgesluit kan word van verpligte militêre diens, of dat die persoon in nie-militêre poste in die Staatsdiens geplaas kan word om 'n nasionale diensverpligting na te kom. Histories het die Verenigde State hierdie toegewings gemaak gedurende die tye toe daar militêre loting was, dus kan Christene wel hul lande dien sonder om God se Wet te verbreek.

Christene wat in lande woon waar militêre diens verpligtend is, moet 'n besluit neem wat ernstige gevolge kan hê: Deur hul Redder te gehoorsaam, mag hul gevangeskap (of erger) trotseer wanneer geweier word om militêre diens te verrig. Christus het aan ons 'n belangrike beginsel gegee toe Hy verduidelik het dat “waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees” (Mattheüs 6:21). Diegene wat hulle hart op die Koninkryk van God geplaas het sal daardie koninkryk hul prioriteit maak, en sal nie hul plek in daardie koninkryk in die gevaar stel deur te gaan veg en ander mense te dood in die oorloë van mense nie. WvM

# Profesie neem

## Blinde leiers van blindes

Jesus Christus het reguit van die geestelike leiers van Sy dag gesê, "hulle is blinde leiers van blindes" (Mattheüs 15:14). Jesus het ook lede van die geestelike gevestigde orde daarvan beskuldig dat hulle die Skrif nie verstaan nie (Markus 12:24), en dat hulle "blinde leiers ... dwase ... geveinsdes" is wat mense mislei in geestelike sake (sien Mattheüs 23). Die geestelike leiers van Sy dag het in hulle blindheid gefaal om Jesus as die geprofeteerde Messias te herken. Baie Bybelprofesieë dui daarop dat voor Jesus Christus se Wederkoms, moderne geestelike leiers *dieselfde foute* sal maak. Hulle sal nie die Skrif verstaan nie, hulle sal opregte mense mislei aangaande geestelike sake, en hulle sal blind wees vir die werklike betekenis van belangrike gebeure wat die wêreld waarin ons lewe, vorm!

**Blindheid is voorspel**

Baie profesieë van die Bybel het 'n *tweeledige* toepassing. Hulle *aanvanklike* vervulling was in die dae van die profete, dog hulle *uiteindelike* vervulling sal egter aan die einde van die tydvak wees, net voor Jesus Christus se Wederkoms. Let op wat Jesaja geprofeteer het oor die Israeliete se geestelike leiers, toe en nou, "... priester en profeet wankel ... hulle *wankel as hulle gesigte sien*, hulle waggel by die regspraak" (Jesaja 28:7). Jesaja beskryf Israel se onverantwoordelike leiers: "Hulle wagte is almal blind, hulle merk niks nie ... en herders is hulle wat nie weet om op te merk nie" (Jesaja 56:10-11). Die Israelitiese nasies en hulle geestelike leiers het blind geword omdat hulle nie die instruksies in God se woord volg nie (Deuteronomium 28:15, 28). Hierdie tema kom regdeur die Skrif voor (Jesaja 6:9-10; Esegiël 12:2; 13:1-23). Die apostel Paulus verduidelik dat Satan waarlik die verstand van diegene wat verkies om nie die Bybel te glo nie, ***verblind*** (2 Korinthiërs 4:3-4).

Jeremia voorsien 'n tyd in die toekoms wanneer "die profete sal wind word; ja, die Woord is nie by hulle nie" (Jeremia 5:13). Hy skryf, "... hulle profeteer deur Baäl en verlei My volk Israel ... Luister nie na die woorde van die profete wat vir julle profeteer nie; hulle vervul julle met ydele verwagtinge; gesigte uit hul eie hart verkondig hulle, nie uit die mond van die HERE nie ... Ek het die profete nie gestuur nie ... hulle [is] daarop bedag om My volk My Naam te laat vergeet ... Ek het dit teen die profete ... [wat] My volk verlei met hulle leuens" (Jeremia 23:13, 16, 21, 27, 30, 32). Jeremia se ontnugterende gevolgtrekking aangaande hierdie profesieë is, "... *aan die einde van die dae sal julle dit duidelik verstaan*" (Jeremia 23:20).

**Geestelike verwarring**

Hoe mislei geestelike leiers mense vandag? Die meeste belydende Christene word geleer dat Kersfees, Paasfees [Engelse "Easter"] en Sondagaanbidding fundamentele voorskrifte van die Christelike godsdiens is. Wanneer u egter die Bybel en die geskiedenis deeglik bestudeer sal u vind dat die eerste Christene nie Jesus se verjaardag gevier het nie, en dat hulle geweet het dat Hy nie op die 25ste Desember gebore was nie. Baie Christelike gebruike kom nie uit die Bybel nie, maar uit heidense Romeinse Saturnalia vieringe. Christus se eerste volgelinge het nie Paasfees onderhou nie, maar het Jesus se voorbeeld gevolg en die Pasga gehou (Lukas 2:41; 22:15-16). Wanneer u "Easter" in naslaanboeke nagaan sal u gou die heidense oorsprong daarvan ontdek. Christus se eerste volgelinge het nie Sondag onderhou nie, maar het Jesus se voorbeeld nagevolg en die sewendedag Sabbat onderhou (sien Lukas 4:16; Handelinge 17:2; 13:14, 42-44). Sondagaanbidding was ook van die heidene ontleen, en

# gestalte aan

beklee met "Christelike" betekenis deur kerkleiers in die tyd van Konstantyn. Kersfees en "Easter" was eeue later deur kerkrade aangeneem – selfs al is daar geen Bybelse opdrag om dit te onderhou nie! In der waarheid waarsku die Bybel duidelik: "As die HERE jou God die nasies waar jy na toe gaan om hulle uit die besitting te verdrywe, voor jou uitroei, en jy hulle verdrywe en in hulle land woon, neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrik word nadat hulle voor jou uit verdelg is nie, en ***dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen"*** (Deuteronomium 12:29-30). Hedendaagse geestelike leiers ignoreer óf hierdie duidelike waarskuwings van die Bybel, óf hulle is onbewus daarvan – en meeste belydende Christene vandag stap maar net blindelings saam (sien Jeremia 5:31).

**Die morele moeras**

Liberale geestelike leiers en wêreldlike beleidmakers is besig om die gemeenskap tragies te mislei op die kritieke gebied van morele gedrag. Die Bybel verkondig: "Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg" (Jesaja 5:20). Die God van die Bybel stel dit duidelik, "Jy mag nie egbreek nie" (Eksodus 20:14) en sê: "Want Ek haat egskeiding" (Maleagi 2:16). Die Skrif leer Christene duidelik: "Vlug vir die hoerery" (1 Korinthiërs 6:18). Die Bybel noem homoseksuele gedrag "'n gruwel" (Levitikus 18:22; 20:13). Die leiers vandag het nogtans "geen fout" egskeidingswette ingestel, versprei geboortebeperkingmiddels onder tienderjariges en knipoog oor saamblyery. So 'n misleidende gedragsbeleid het 'n gemeenskap tot stand gebring waar seksuele aktiwiteit aangemoedig word, waar tienerswangerskappe en seksueel-oordraagbare siektes epidemies is en waar die helfte van alle huwelike misluk. Baie geestelike leiers voltrek deesdae dieselfde-geslag huwelike en dring daarop aan dat hulle kuddes homoseksualiteit as moreel reg moet aanvaar. Hulle verwelkom selfs indiwidue wat sulke gedrag openlik bedryf in die bediening, ten spyte van die Skrif se duidelike waarskuwings! Tallose gewilde predikers leer dat God se Wette nie meer onderhou hoef te word nie. Dit is dus nie verbasend dat die hedendaagse nuusmedia gereeld berigte plaas oor priesters, predikers en politici wat daarop aandring dat hulle "Christene" is wanneer hulle skuldig bevind word aan kindermolestering, owerspel, ontug, lieg, bedrog en diefstal nie. Hulle weier om hulle posisies te laat vaar – en word dikwels nog steeds deur hulle volgelinge aanvaar en ondersteun.

Baie besef vandag nie dat, deur die morele riglyne van die Skrif te verwerp en blindelings die "verligte" intellektuele toonaangewers van die gemeenskap te volg, ons eenvoudig terugkeer na die morele verval wat die apostel Paulus in antieke Rome waargeneem het nie (sien Romeine 1:18-32). Dit is hoekom die God van die Bybel profeties waarsku, "die wat die wet handhaaf, het My nie geken nie; en die vorste het teen My oortree ... Jou eie boosheid sal jou tugtig ... dat jy die HERE jou God verlaat het" (Jeremia 2:8, 19).

**Profetiese blindheid**

Jesus het aan Sy dissipels gesê om te "waak" en op die uitkyk te wees vir 'n spesifieke reeks van wêreldgebeure wat sal aandui dat Sy Wederkoms naby is (sien Mattheüs 24; Markus 13; Lukas 21). Die afgelope jare het hierdie gebeure meer duidelik geword en dit lyk of dit vandag 'n crescendo nader. Baie geestelike leiers verwater of ignoreer egter hierdie profesieë en verkondig dat ons nie kan weet wanneer Christus se

Wederkoms is – en of Hy wel gaan terugkeer nie. Kritici val die Skrif vandag aan en noem dit 'n versameling van fabels, hulle beweer dat die idee van God misleiding is en sê dat Jesus (as Hy ooit bestaan het) jammerlik verkeerd was oor Sy missie en identiteit. Hierdie wydverspreide ongeloof oor die Skrif, die twyfel en onkundigheid omtrent Bybelprofesieë, behoort nie 'n verrassing te wees nie. Die apostel Petrus het voorspel dat "daar aan die einde van die dae spotters sal kom" – mense wat gewilliglik onkundig is oor wat die Bybel duidelik boekstaaf (2 Petrus 3:1-9). Dit is omdat die meeste mense vandag (insluitend baie geestelike leiers) nie die Bybel ken of glo nie. Hulle besef nie dat Satan die hele wêreld *verblind* en mislei het nie (2 Korinthiërs 4:3-4; Openbaring 12:9). Dit is hoekom die geestelike leiers van die Israelitiese nasies "blinde wagters" is wat die blindes lei! Jesus sê dat die meeste mense onkant betrap sal word met Sy Wederkoms (Markus 13:32-37) – hulle aan die slaap gesus is deur leiers wat geen idee het van wat aan die gebeur is nie! Dit is nodig dat ons *wakker word en ons oë open* want hierdie profesieë *neem nou gestalte aan*! ***—Douglas S. Winnail***



# Die Bybel:
## Feit of fiksie?

***Is die Bybel net 'n versameling mites en legendes of is dit die geïnspireerde Woord van God? Baie mense aanvaar dat moderne geleerdheid die Bybel ongloofwaardig maak, maar die geskiedkundige feite – en die ontdekkings van argeologie – bevestig dat die inhoud daarvan eg is! Die Bybel sit die verlede met verstommende akkuraatheid uiteen en voorspel die toekoms soos geen ander boek nie!***

Skryf in of skakel ons vandag nog om u eie kopie van hierdie uiters noodsaaklike boekie te bekom!


***Vervolg vanaf bladsy 7 – Sal Jesus Christus se Wederkoms vannag wees?***

want dié wat in die graf is "weet glad niks nie" (Prediker 9:5). Nie een van ons weet verseker hoeveel dae of jare óns nog oor het in hierdie menslike bestaan nie.

Onthou in elk geval dat God self baie duidelik in Sy geïnspireerde Woord 'n hele reeks gebeure openbaar wat móét plaasvind voor Christus se Wederkoms. Indien u gewillig is om u hele lewe opreg aan God ***oor te gee*** en die lewende Jesus Christus toe te laat om u lewe te ***regeer***, mag u werklik deel word van die "klein kuddetjie" van God, 'n deel van die ware Kerk wat na 'n plek van ***veiligheid*** op hierdie aarde geneem sal word tydens die Groot Verdrukking wat binnekort sal aanbreek (Openbaring 12:14).

Met verwysing na hierdie gebeure gee Jesus Christus ons almal die opdrag: "So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur. Voorwaar Ek sê vir julle, ***hierdie geslag*** *sal sekerlik nie verbygaan voordat alles gebeur het nie*. Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie. MAAR pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie. Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon. ***Waak*** dan en ***bid*** altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ***ontvlug*** en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:31-36). WvM

*Vervolg vanaf bladsy 22 – Verstaan eindtydse profesieë*

fundamentalisme gesien wat dreig om Europa van binne en buite te oorweldig. Onlangse nuusberigte vanuit die Midde-Ooste stel voor dat, as gevolg van toenemende geweld in die streek, Israel die Europese Unie mag vra om troepe te stuur om saam met die Verenigde Volke se personeel te help om die streek te stabiliseer (*Associated Press*, 13 Junie 2007). Dit alles gebeur terwyl ons ergerwordende weerverwante en ander rampe regoor die wêreld sien plaasvind – wat God onthul het sal gebeur net voor die einde van hierdie era en die Wederkoms van Jesus Christus.

Koerante is deesdae vol berigte van gebeure wat lank gelede in die Bybel voorspel is. Nogtans begryp nuuskommentators – en die meeste godsdiensleiers – eenvoudig nie die profetiese belangrikheid van daardie gebeure nie. Vandag bevraagteken kritici selfs God se bestaan en die inspirasie van die Bybel. Nogtans is profesieë een van die belangrikste bewyse dat die Bybel die geïnspireerde woord van 'n almagtige God is wat in wêreldgebeure ingryp. U behoort dit aan uself te bewys en die wêreldgebeure wat Bybelprofesieë onthul wat sal plaasvind net voor Jesus Christus se Wederkoms, “dop te hou”. U *kan* Bybelprofesieë *verstaan* sodat u *nie verras* behoort te wees deur die stortvloed van gebeure wat die einde van hierdie era sal aandui nie! WvM

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

tydsbepaling. Maar, na 58 jaar wat ek die *ware* God van die Bybel dien en hierdie gebeure fyn dopgehou het, voel ek persoonlik dat die val van ons geliefde nasies nader gaan wees as wat die meeste van ons besef!

**Waarom** moet dit gebeur?

Dit *sal* gebeur tensy ons – as 'n nasie – opregte **berou tot bekering** betoon voor die God van die Bybel, die **ware** God wat nou begin om in te gryp in menslike aangeleenthede!

**Sal** hierdie *opregte bekering* werklik plaasvind?

Gebaseer op ons nasionale en indiwiduele gedragspatrone oor die afgelope paar dekades, dink ek u ken die realistiese antwoord! Die meeste mense voel “gemaklik” waar hulle is. Hulle voel op hulle gemak in *hulle* sosiale kring, in *hul* kerk en met *hul* basiese “manier van lewe”. Hulle **wil nie** werklik enige van hierdie dinge **verander** nie. Inderdaad, die oorgrote meerderheid van mense sal **nie verander** tensy hulle uit hulle geestelike en intellektuele laksheid “geskud” word nie!

Natuurlik weet God dit. Dus is Hy – die Skepper van die mensdom – op die punt om in te gryp in menslike aangeleenthede en die nasies te **skud** soos hulle nog *nooit tevore geskud* was nie! God “praat” met diegene wat verstaan: “Pas op, moet Hom wat met julle praat, nie afwys nie. Hulle wat Hom afgewys het toe Hy sy Goddelike woord op aarde laat hoor het, het nie ontkom nie. Hoeveel minder sal ons ontkom wanneer ons nie ag slaan op Hom wat van die hemel af met ons praat nie? Destyds het *Sy stem die aarde laat* **wankel**, maar nou het Hy aangekondig: Nog een maal sal Ek nie alleen die aarde **laat bewe** nie,

maar ook die hemel" (Hebreërs 12:25-26 NV).

Met verwysing na hierdie "laaste dae" – net voor Sy Wederkoms – sê Jesus Christus: "Want dan sal daar **groot verdrukking** wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word" (Mattheüs 24:21-22).

Ek is persoonlik baie dankbaar dat God my oë bykans 60 jaar gelede geopen het vir die werklike Waarheid van die Bybel. Vir die eerste 19 jaar van my lewe was ek opgevoed in 'n "hoofstroom" Protestantse kerk. My hele familie en ek was sekerlik "hoofstroom" in elke moontlike opsig – betrokke by plaaslike publieke funksies, brug-klubs, danse, partytjies, sportaktiwiteite en dies meer.

'n Reeks van gebeure het my egter werklik "geruk". Ek het begin om ernstig en opreg *na God te soek*. Ek het Hom *ernstig versoek* om Sy wil aan my te openbaar. Vir die eerste keer in my lewe het ek begin om die hele Bybel waarlik **te bestudeer**. Ek is toe deur God se genade en deur Sy Gees ware **insig** gegee van die Bybel en van die fundamentele "sleutels" wat die betekenis van omtrent 90 persent van **eind**tydse profesieë ontsluit.

*Die res is geskiedenis*.

Dus skryf ek nou aan u – en *smeek* u in die naam van Jesus Christus – om gewillig te wees om "God waarlik te soek" soos nog nooit tevore nie! Ek versoek u dringend om u Bybel **te bestudeer**, en om gewillig te wees om die Waarheid te aanvaar wanneer dit aan u gebied word *uit die Bybel*. Dan spoor ek u aan om **te handel** volgens daardie Waarheid – sodat u en u geliefdes gespaar mag word tydens die Groot Verdrukking wat Jesus Christus beskryf. Want, in Lukas se weergawe van Jesus se Olyfbergprofesie oor die **eind**tyd, skryf hy dat Jesus Sy profesie afsluit met hierdie geïnspireerde woorde, "Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, **te ontvlug** en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:36).

As *u* waarlik wil "deurdruk" en wil **handel** volgens wat u Bybel werklik verkondig, sal u sekerlik ander mense wil ontmoet wat ook die Waarheid glo en met hulle geestelik samesyn wil beoefen. Soos God se woord aan ons sê, "en laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor; en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom" (Hebreërs 10:24-25).

Ons het *almal* die samesyn, die hulp en onderskraging nodig wat voortspruit uit die samesyn van ware gelowiges – daardie mense wat werklik glo en *toepas* wat die Bybel verkondig. Indien *u* graag navraag wil doen oor hoe om ander te ontmoet wat waarlik die Bybel glo, *skryf* gerus *aan die adres van ons* Streekkantoor naaste aan u, soos op bladsy 2 in hierdie tydskrif. U mag dalk ook verkies om ons *te skakel* by die nommers soos gelys. U kan ons ook op die Internet kontak by ons Webtuiste *www.wvm.co.za*. Een van ons leraars of opgeleide verteenwoordigers sal graag met u in aanraking kom indien u dit verkies. *Niemand* sal u egter probeer besoek sonder om eers 'n afspraak met u te maak vir 'n tyd en plek wat *vir u gerieflik is* nie!

Vir baie van u mag dit u eerste werklike geleentheid wees om 'n *ware* verteenwoordiger van Jesus Christus te ontmoet en om vrae oor Bybelaangeleenthede te kan vra. Ook verwante vrae oor die doel van die lewe en om die hele aangeleentheid te bespreek van hoe om die God van die Bybel gehoorsaam te wees op 'n manier wat u nog nooit vantevore gedoen het nie. Die apostel Jakobus vertel aan ons, "En word **daders** van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie" (Jakobus 1:22).

Indien God werklik nou *u verstand* vir Sy Waarheid open, mag dit "besluitnemingstyd" vir u wees. Mag God u die *insig* en **moed** gee om daarop te reageer.

